# KRUIS-BELEWENIS

## ONDERSOEK DIE KRUIS



DIE TREFKRAG EN BETEKENIS VAN DIE KRUIS VAN CHRISTUS

ADRIAN EBENS

*Opgedra aan my kosbare vriende*
*Tor en Azadeh*


MARANATHA
MEDIA

Adrian Ebens, 2020



Kopiereg © 2019, 2020, Adrian Ebens

Die morele reg van die outeur word voorbehou.

Alle regte word voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer word vir kommersiële doeleindes, insluitend oordrag van enige vorm op enige manier, elektronies, meganies, fotokopiëring, die maak van opnames of enige ander vorm, sonder die skriftelike toestemming van die publiseerder en die outeursreghouers nie. Let op dat die outeur sekere aanhalings van Skrifgedeeltes beklemtoon met vetdruk om spesifieke punte van die verse uit te lig.

Skrifgedeeltes is geneem uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Alle regte word voorbehou.



Hierdie boek en alle ander Vader van Liefde pubikasies is beskikbaar op ons webwerf **vadervanliefde.com.** Om kopieë te bestel kontak asseblief **adrian@life-matters.org,**

**Hierdie boek is**

In Engels geproeflees deur Danautasn Brown, Richard Robinson, Lorelle Ebens

Vertaal na Afrikaans deur Nina Snyman, proeflesers Frikkie van Rensburg, Tommy Cooper.

Ontwerp deur Shane Winfield/Advent Design

Omslagfoto deur Maryna Kriuchenko–iStockphoto

Geset in Palatino Linotype 11

# INHOUD

Hoofstuk 1
Vader Vergewe Hulle....4

HOOFSTUK 2
Kruisig Hom! ....10

HOOFSTUK 3
In al hulle benoudheid was Hy benoud....15

HOOFSTUK 4
Kan julle nie een uur met My waak nie?....22

HOOFSTUK 5
U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie ....26

HOOFSTUK 6
Ons het 'n wet....39

HOOFSTUK 7
Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het ....54

HOOFSTUK 8
U weg is in die heiligdom ....61

Hoofstuk 9
Sela ....70



HOOFSTUK 1

# VADER VERGEWE HULLE

Beelde flits in my gedagtes wat ‘n diep sin van berou wek. Die groeiende lys aan herinneringe van my ontstoke interaksies met diegene rondom my het ‘n las vir my siel geword. Ek het in alle erns na vrede gesoek. Terwyl ek nadink oor sommige van my onlangse uitbarstings is ek oorskadu deur 'n gevoel van afsku en 'n begeerte om 'n ander persoon te wees as wat ek op daardie oomblik was. Die woord wat op daardie oomblik in my gedagtes gekristalliseer het, was vergifnis en my behoefte daaraan.

Het jy al ooit op daardie punt in jou lewe gekom waar jy besef dat die persoon wat jy is, nie iemand is waarvan jy hou nie en tog, na baie pogings om jouself te verander, kom jy terug by dieselfde plek met dieselfde las? Hoe kan jy uit die ontstellende beeld wat jy in jouself sien, ontsnap?

Hierdie ervaring bewys die waarheid van die Bybel se woorde.

> *…Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (11) Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. (12) Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.*
> *Romeine 3:10-12*

Daar is baie wat probeer om van hierdie toestand te ontsnap deur hulself te verblind omtrent hul eie karakterfoute en op die foute van ander te fokus. Aangesien ons almal tekortkominge het is dit maklik om 'n ander persoon die skuld te gee vir 'n moeilike situasie waarin

ons onsself bevind. Wanneer ons op hierdie manier vrede vir ons siele wil vind, sal dit onvermydelik die verhouding met ons en ander skade aandoen en op die ou end nog groter droefheid en eensaamheid bring.

Die enigste weg na vrede en vryheid is om verantwoordelikheid te neem vir ons eie kwessies en om vergifnis by ons Maker te soek.

> *en Hy het hulle geleer en gesê: (3) "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. (4) Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Matteus 5:2-4*

Dit was presies die toestand waaarin ek myself bevind het. Ek het getreur oor my selfsug en die pyn wat ek ander aangedoen het deur my behoefte aan aandag.

Ek het in 'n Christenhuis grootgeword en ek is met die liefde van God grootgemaak soos dit in Jesus Christus geopenbaar is. Toe ek 'n kind was, het ek hierdie woorde verskeie kere gehoor:

> *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." Matthéüs 11:28*

Dit is bemoedigend om te weet dat ek na Jesus kan kom om rus en ontlading van my laste te vind. Ek het begin nadink oor die lewe van Christus en veral die finale tonele wat verband hou met Sy dood. Die verhaal van die Kruis het geweldige krag vir die gebroke siel wat aan die einde van sy vermoë om homself te red, gekom het. Die Kruis het die lewens van miljoene mense verander en hulle vrede en hoop gegee. Tog bevat dit 'n raaisel. Hoe kan 'n verhaal van verraad, marteling en die slagting van 'n onskuldige man 2000 jaar gelede, vrede in my siel bring? Hoe kan dit vandag vir my van toepassing wees?

Aanvanklik voel hierdie verhaal teen-intuïtief. Sou dit nie meer sinvol wees om in 'n ruimte van stilte gevul met soet aromatiese wierook en rustige musiek, omring deur natuurlike skoonheid, hierdie vrede te bewerkstellig nie? Terwyl die verhaal van die Kruis in die siel omvou, hoor ons die geluide van soldate wat skree, die harde klap van 'n sweep oor die rug van Christus, die sieklike gedreun van 'n groot houtkruis wat op die grond val terwyl die Verlosser flou word onder die gewig daarvan. Ons hoor die uitjouery van die skare en sien verwronge gesigte verheug oor die tonele van brutaliteit.

Wat is die geheim van hierdie raaisel? Hoe kan hierdie verhaal my vrede gee? Hoe kan daar rustigheid gekry word deur 'n slagting?

Daar is 'n sterk begeerte om die blik van die toneel af te weer en tog is daar hierdie aantrekkingskrag om die drama te aanskou. Die brutaliteit is op een of ander manier vreemd bekend en terselfdertyd gruwelik. Ons arriveer by die plek van die skedel - Golgota. Christus lê gedweë op hierdie instrument van marteling; bloed het van Sy gesig gestroom weens die bespotlike doringkroon wat die skare in Sy kop ingeslaan het. Die mans wat hierdie lot saam met hom ly, staan dit desperaat teë in 'n poging om die onvermydelike uit te stel. Die rug van die Heiland is onherkenbaar as gevolg van die géseling wat Hy vroeër ontvang het. Wat het hierdie man gedoen om hierdie behandeling te verdien?

Die Evangelieverhaal onthul 'n lewe gevul met deernis, vriendelikheid en die mooiste beeld van Sy Vader in die hemel Wie vol liefde en goedhartigheid is. Hoe is dit moontlik dat hierdie man sulke barbaarse behandeling moet ondergaan?

Die harde gerinkel van metaal op metaal trek ons aandag terwyl spykers deur die teer hande gedryf word, hande wat so baie geseën het. Daardie kosbare voete wat oor die stowwerige paaie van Israel geloop het, is nou deurboor en aan die houtkruis vasgenael. Die kruis

word dan opgehef en op gewelddadige wyse ingestamp vir die hele wêreld om te aanskou, want hierdie gebeurtenis wat in die Skrif opgeteken is, sou van daardie punt af deur miljoene mense deur die hele wêreld vertel en gelees word.

Terwyl ek nadink oor hierdie kruisgebeurtenis in my soeke na die verligting van my skuldgevoel, het my hart met simpatie uitgegaan na hierdie onskuldige man wat ook die Seun van God is. My gedagtes volg die spoor van Sy treë vanaf Getsemane na Golgota. Ek dink aan die woorde van Pilatus, die Romeinse goewerneur:

> *"Dit is die mens!" Johannes 19:5*

Ek het gesien hoe Hy in die tuin struikel en val en van intense pyn druppels bloed sweet. Ek het gekyk hoe Sy dissipels vlug en Hom aan die genade van die skare oorlaat. Ek het verbaas gewonder hoe die skare Barabbas kon kies en die Seun van God kruisig. Waarom doen hulle dit? Watter kwaad het Hy gedoen om dit te verdien? Ek het gekyk hoe Hy bespot, geslaan en mishandel word:

> *Hulle trek toe sy klere uit en gooi Hom 'n pers mantel om. (29) Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" (30) Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. (31) Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig. Matteus 27:28-31*

Die versoeking om die hartelose akteurs in hierdie drama te blameer was sterk, maar ek het ook aan my eie hartelose behandeling van ander gedink en besef dat ek skuldig is, nes hulle. Die woorde van Christus kom na vore:

> *... 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.' Matteus 25:40*

Het ek nie vir ander gelag en bespot nie? Het ek nie films gekyk wat brutaliteit uitbeeld en my verbly toe diegene wat ek as skurke gesien het, hul ondergang teëgekom het nie? Het daar nie vloekwoorde van my lippe geval teenoor diegene wat ek gedink verkeerd gedoen het aan my nie? Soos ek gelees het, het my gevoel van veroordeling toegeneem. Terwyl ek mediteer oor die twee mans wat langsaan Jesus gesterf het, vereenselwig ek my met die woorde van die man wat gesê het:

> *" … want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie.". Lukas 23:41*

Die veroordeling wat ek op ander geplaas het, wat my voorheen gehinder en verontrief het, het nou met geweld op my neergekom toe ek Christus aan die kruis aanskou het. Ek het die uitwerking van die woorde gevoel:

> *Met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word. Matteus 7:2*

Vir 'n paar lang sekondes was my blik gevestig op die Kruis. Alhoewel letterlik 'n tydperk van 2000 jaar van hierdie gebeurtenis, het dit vir my gevoel asof ek as getuie van die drama daar was. My wêreld het in 'n stadiger tempo beweeg en die geraas en die oproer om die Kruis het stil geword terwyl ek na die Seun van God gestaar het en terwyl ek daardie pragtige gelaat bestudeer, kom die woorde van Sy lippe:

> *… "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" … Lukas 23:34*

Terwyl die betekenis van die woorde my siel binnedring, ontbrand 'n vonk van hoop in my. Vergifnis so lank begeer en op gehoop word veelseggend voor my gelê. Terwyl ek voor my Skepper kniel met trane wat oor my wange stroom, smelt my hart toe ek in die aangesig met die liefdesuitdrukking opkyk. In daardie gesig was daar geen greintjie van veroordeling nie. Ek het 'n sterk gewaarwording gehad dat my sondige lewe deel was van die rede waarom Hy aan die Kruis gely het en tog was daar geen veroordeling van Hom af nie - slegs liefde en vergifnis.

Hy het my nie blameer vir die lyding wat ek Hom veroorsaak het nie. Hy het my vrylik vergewe. Die vraag was en is, sal ek dit aanvaar? Sal ek glo dat ek vergewe is? Persoonlik het ek dit met albei hande aangegryp en my erfenis van die ewige lewe geëis. Ek het vir Jesus gesê dat ek jammer was oor wat ek gedoen het en ek het Hom gevra om die Here van my lewe te wees. Onmiddellik het ‘n groot vrede oor my gekom, so helend, so kalmerend, so bevrydend. Die skuldlas wat my verpletter het, het verdwyn en ek het 'n vreugde in my siel gevoel wat nie beskryf kan word nie, maar slegs deur diegene wat dit omhels, ervaar word.

Soos 'n fontein van lewende water het die trane van dankbaarheid uit my oë gevloei. Die rus wat ek gesoek het was uiteindelik myne. Die dankbaarheid wat ek gevoel het was groots en ek het my met blydskap onderwerp aan die Heerskappy van my Verlosser.

Dit was en dit is steeds my geseënde en pragtige ontmoeting met die Kruis. Dit laat baie vrae ontstaan. Hoe kan iets so mooi na vore kom uit iets so aakligs? Hoe kan hierdie gebeurtenis wat 2000 jaar gelede afgespeel het voel asof dit vandag gebeur het? Wat is die sleutel-elemente wat dit bewerkstellig het en waarom moet mens ag slaan op hierdie vraag van die Kruis en jou eie persoonlike ontmoeting daarmee? Kom ons ondersoek die Kruis en kyk.

HOOFSTUK 2

# KRUISIG HOM!

*"... Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. (19) Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word." Matteus 20:18-19*

Waarom het die leiers van Israel Jesus so gehaat? Waarom was hulle so vasberade om Hom te vernietig? Hoe kan 'n man wat soveel vreugde en geluk in die wêreld gebring het, so 'n bedreiging wees?

*Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. (10) Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie. (11) Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Johannes 1:9-11*

Hierdie leiers was in hul natuurlike toestand en in hul houding jeens die Seun van God, die Gesalfde van die Vader, verteenwoordigers van die hele menslike ras.

*Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. (3)* ***Hy was verag en deur die mense verstoot****, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai.* ***Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.*** *Jesaja 53:2-3*

> *Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: (3) "Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!" Psalms 2:2-3*

Die gebeure rondom die Kruis is die een gebeurtenis in die geskiedenis van die mens wat ons gesamentlike houding teenoor die Seun van God, in ons natuurlike erfenis van Adam, die duidelikste openbaar. Hierdie verhaal bevestig waarlik die stelling van Paulus toe hy gesê het:

> *Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. Romeine 8:7*

Waar het hierdie vyandskap vandaan gekom? Reg in die begin het God Adam en Eva liefdevol opdrag gegee dat daar 'n boom in die middel van die tuin is waarvan hulle nie moes eet nie. Om van hierdie boom te eet sou lei tot hul dood en hulle sou ophou bestaan. Die boom is in die tuin geplaas om Adam en Eva die keuse te gee om hul Skepper te dien. Sonder hierdie beginsel se teenwoordigheid in die tuin sou hulle nie hul eie keuse kon uitoefen nie. Om teen God te kies is om losgemaak te wees van die lewensbron.

Hoe moet die woorde van God verstaan word? Is hulle in oneindige liefde en sorg vir die welstand van Adam en Eva gegee? Satan het van die geleentheid gebruik gemaak om deur die medium van die slang toe te slaan en het aan Eva 'n ander motief voorgestel waarom God dit gesê het.

> *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Genesis 3:4-5 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

Satan insinueer dat God uit selfsug probeer om Adam en Eva te verhoed om hul volle potensiaal te bereik. Deur hierdie motief op

God se woorde te plaas, verander dit die betekenis van wat God gesê het sal gebeur indien hulle die vrug sou eet. Satan stel sy bewering met behulp van omgekeerde logika. ”Julle sal gewis nie sterwe nie.“ Dit dui daarop dat God sou verseker dat hulle sou sterf, omdat Hy blykbaar die selfsugtige motief gehad het om hul volle potensiaal te beperk. Dit beteken dat Adam en Eva verstaan het dat hulle *moet sterf*, eerder dat hulle *sou sterf*. Met ander woorde, hulle het verstaan dat God hulle sou doodmaak eerder dat God hulle sou toelaat om hulself in hul sondigheid te vernietig. Daar is ‘n geweldige groot verskil.

Adam het die vrug geneem en geëet terwyl hy onder die indruk was dat God sy vrou sou doodmaak vir haar oortreding. Onder hierdie valse opvatting dat God 'n tiran was, het Adam in 'n gees van haat en rebellie besluit om God te trotseer en saam met Eva te staan in wat ookal met haar sou gebeur. Terselfdertyd het hy ook gewonder of die woorde van die slang waar was en dit het hom aangespoor om die vrug te neem en hom by die slang te skaar in verset teen God.

> Adam het die vrug geneem en geëet terwyl hy onder die indruk was dat God sy vrou sou doodmaak vir haar oortreding. Onder hierdie valse opvatting dat God ‘n tiran was, het Adam in 'n gees van haat en rebellie besluit om God te trotseer.



Hier vind ons die oorsprong van die mens se haat teenoor God. Die mens is onder die verkeerde indruk van Sy karakter gebring en het op grond van hierdie valse indruk opgetree. Deur te glo dat God Sy eie belange sou beskerm deur ander dood te maak, het Adam hierdie eienskap geopenbaar toe hy vir sy lewe gevrees het terwyl hy ondervra word.

> *En die mens antwoord: “Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip.” (11) Die Here God vra toe: “Hoe het jy te wete gekom dat jy*

> *kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?" (12) Die mens het geantwoord: "**Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet.**"*
> *Genesis 3:10-12*

Adam het gevrees, omdat hy onder die verkeerde indruk was dat God hom kom doodmaak het. Toe hy gevra word of hy van die boom geëet het waarvan hy beveel is om nie te eet nie het hy die skuld na sy vrou en na God oorgedra. In wese het Adam gesê: "As iemand moet sterf, moet U my vrou neem en haar doodmaak en U moet ook doodgemaak word, omdat U haar gemaak het!"

Dit alles spruit uit die onwaar idee dat God sal doodmaak om Sy belange te beskerm. Beide God en sy vrou word deur Adam ter dood veroordeel om sy eie belange te beskerm, aangesien Adam gedink het dat daar geen ander uitweg was as dat iemand doodgemaak word nie. Ons neem met belangstelling kennis dat alle kommunikasie met die mens na die sondeval deur die Seun van God gedoen word, die Middelaar tussen God en die mens. 1 Tim. 2:5. Adam het dus die Seun van God ter dood veroordeel omdat Hy 'n vrou gemaak het wat hom sou versoek om die gebod van God te oortree. Daardie woorde, "die vrou wat U gegee het om by my te wees" bevat die saad van die geskreeu "Kruisig Hom" wat 4000 jaar later sou uitbreek.

Hierdie saad is diep in die hart van Adam gelê en hierdie werklikheid was selfs vir homself onduidelik. Indien die Seun van God Adam gekonfronteer het met die aanklag dat dit Adam se plan was om Christus dood te maak, sou hy geantwoord het op die manier wat sy nageslag geantwoord het.

> *... Waarom wil julle My dan doodmaak?" (20) "Jy is van die duiwel besete!" het die mense uitgeroep. "Wie wil jou doodmaak?" Johannes 7:19-20*

Adam sou die aanklag van die Seun van God heeltemal ontken het as 'n oorreaksie op 'n sogenaamde geringe probleem. Die enigste manier waarop hierdie saad van die dood verwyder kon word was om dit te laat manifesteer, sodat Adam hom kan bekeer van sy boosheid teenoor die Seun van God.

Hierdie saad van die dood is die erfenis van elke man en vrou. Subtiel en onopvallend is hierdie natuurlike opstand teenoor God binne ons ingebou met die begeerte om Sy Seun skade te berokken. Dit is die rede waarom Hy deur alle mense verag en verwerp word, nie slegs deur die mense wat Hom 2000 jaar gelede fisies gekruisig het nie.

Die implikasies hiervan is verreikend en daarom is die Kruisbeginsel nie net beperk tot 'n enkele dag in die geskiedenis van die mens nie, maar word eerder uitgebrei tot elke dag van die menslike geskiedenis.

HOOFSTUK 3

# IN AL HULLE BENOUDHEID WAS HY BENOUD

> *Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die* ***Lam wat geslag*** *is nie. Openbaring 13:8*

> *And all that dwell upon the earth shall worship him, whose names are not written in the book of life of* ***the Lamb slain from the foundation of the world****. Revelation 13:8 (KJV)*

Toe Jesus van die Kruis gepraat het, het Hy in baie breër terme gespreek as wat die meeste mense besef het.

> *Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom,* ***moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg****. Matteus 16:24*

Die beginsel van die Kruis is een van selfverloëning. Jesus het dit gedemonstreer tydens die gebeure wat gelei het tot Sy kruisiging. Hy het Homself nie verdedig teen die bespotting en géseling wat Hy ontvang het nie. Hy het dit geduldig verdra, selfs al het dit Hom geweldige lyding veroorsaak. Die mag van die ganse heelal was tot Sy beskikking. In 'n oogwink kon Hy Sy lyding beëindig, maar Hy het Hom daaraan onderwerp om Sy aanvallers soveel moontlik tyd te gee om van mening te verander oor Hom. Christus het gehoop dat

hulle hul van hul dade sou bekeer voordat hulle hulself veertig jaar later in die verwoesting van Jerusalem sou vernietig.

Die werklikheid is dat alles deur die Seun van God in die heelal bymekaar gehou word.

> *Voor alles was Hy al daar, en* ***deur Hom bly alles in stand.*** *Kolossense 1:17*

> *Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.* ***Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand*** *… Hebreërs 1:3*

Christus, die Een wat ons gemaak het, smeek soos 'n teer ouer by elke man, vrou en kind. Hy wil hê dat elkeen van Sy kinders binne 'n gelukkige, gesonde en rustige omgewing kan groei. Sy begeerte is 'n uitdrukking van die begeerte van Sy Vader, wat die bron van alle dinge is. Dit beteken elke keer as een van Sy kinders seerkry, kry Christus seer. Sy hart word gepynig deur al die lyding van die mensdom. Die profeet Jesaja het hiervan gepraat en gesê:

> ***In al hulle benoudheid was Hy benoud****, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

Elke keer wanneer Israel as volk of individue gely het, het Christus dit saam met hulle deurgemaak. Dit is nie slegs vir Israel wat Christus gely het nie, maar vir almal wat op die aarde woon.

Die van julle wat kinders het kan dink hoe jy voel wanneer jou kind in baie pyn is. Dit steek deur jou hart en veroorsaak baie lyding en hartseer. Wat gebeur indien een van jou kinders een van jou ander kinders leed aandoen? Dit veroorsaak nog meer hartseer. Jy ly omdat jou kind gewond is en voel teleurgesteld in die een wat die wond toegedien het.

Hoe voel 'n ouer wanneer iemand buite die gesin hul kind skade aandoen? Die natuurlike gevoel van baie mense is om daardie persoon te straf. Hoe voel Jesus wanneer een van Sy kinders verkrag word? Dit veroorsaak Hom meer droefheid as wat 'n menslike ouer vir hul kind voel. Die menslike reaksie op die oortreder is om hulle te straf. Die oortreder is vir Christus ook Sy kind. Hy word gewond deur hul skandelike optrede, maar indien Hy Sy beskerming van hulle onttrek sal hulle sterf en Hy wil nie hê dat iemand moet sterf nie. Christus ly dus stilweg terwyl mans, vrouens en kinders mekaar seermaak, mishandel en doodmaak.

Elke keer wanneer ons sondig, weerstaan ons die oproep van die Gees van Christus binne ons siel. Elke keer wanneer ons doen wat ons weet verkeerd is, deurboor ons Christus.

> *... en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot ʼn bespotting. Hebreërs 6:6*

Elke keer wanneer iemand hul maat ʻn hou toedien voel Christus dit. Elke keer wanneer 'n kind bang in die hoek bewe, terwyl sy pa sy ma slaan, voel Christus dit alles. Hy kan egter mense nie dwing om op te hou om hierdie dinge te doen nie, want die gebruik van geweld verander nie die karakter van die wat kwaad doen nie, maar dit sal die karakter van God beslis verander indien ooit Hy geweld sou gebruik. Die Skrif sê egter dat God nie verander nie (Maleagi 3:6). Indien iemand ervaar dat God hulle dwing sal dit hulle nog meer vasbeslote kan maak om weerstand te bied en kwaad te doen.

Wanneer ons die lyding van Christus verstaan oor die pyn wat die mense mekaar aandoen, kry ons 'n perspektief op die Kruis wat so anders is dat dit onmoontlik is om te lewe soos vantevore. Oorweeg die volgende statistieke van *worldometer.info*:

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie is daar elke jaar wêreldwyd ongeveer 40-50 miljoen aborsies. Dit stem ooreen met ongeveer 125,000 aborsies per dag.[1] Kan ons onsself die lyding indink wat Christus ervaar wanneer 125,000 van Sy kinders op hierdie manier sterf – elke dag? Wat van die moeder se gevoelens wanneer sy dit probeer verwerk dat sy haar swangerskap beëindig het? Dit is onmoontlik vir 'n enkele menslike verstand om die lyding wat by hierdie statistiek betrokke is te begryp.

Ongeveer 3 000 mense sal vandag sterf in motorongelukke en 2 800 mense sal hul eie lewens neem. Hoeveel lyding is daar nie in hierdie statistieke betrokke nie? Nie net vir die wat gesterf het nie, maar ook vir die wat agterbly? Hoeveel vroue en kinders word vandag seksueel deur mans misbruik? Statistieke dui aan dat daar handel gedryf word met byna 25 miljoen mense as slawe en dat meer as die helfte van die mense seksueel mishandel word.[2] 71% van die 25 miljoen is vroue en jong meisies.

Êrens, regoor die wêreld sal vandag 137 vroue sterf aan die hand van hul lewensmaat of 'n voormalige lewensmaat.[3] Die lyding wat Christus in hierdie statistieke veroorsaak word is onpeilbaar. Dit is slegs 'n paar statistieke wat daaglikse menslike lyding weerspieël.

Christus word elke dag gedwing om die geweld en selfsug van mans en vroue te verduur. Die vraag mag dalk ontstaan waarom Christus Homself nie red en afkom van hierdie Kruis van selfverloëning nie? Elke dag is 'n lewende hel vir Hom en Sy liewe engele wat gestuur word om ons te beskerm en wat ook hierdie gruweldade moet aanskou. Het jy al ooit gewens dat jy 'n engel was? Dink mooi aan

[1] Worldometers.info/abortions/

[2] https://www.bustle.com/p/13-sex-trafficking-statistics-that-put-the-worldwideproblem-into-perspective-9930150

[3] BBC.com Die vrouens wat op een dag oor die wêreld vermoor is. 28 Nov 2018.

hoeveel smart hulle moet verduur deur die gevalle seuns en dogters van hierdie wêreld te versorg. Is dit 'n werk wat jy gewilliglik sou doen? Hulle word gedwing om te kyk hoe 'n kind mishandel word, omdat niemand Jesus vra om hulle te help nie, of die mense sluit hul gedagtes af van die lig wat aan hulle gestuur is. Hoe hulpeloos en bedroef sou die engel wat so 'n toneel waarneem voel?

Dink aan die situasie van die ouer van 'n dwelmverslaafde dogter in 'n gewelddadige verhouding met 'n man wat haar mishandel. Hoe beëindig jy dit? Dwing jy jou dogter om te verander? Kan jy jou vingers klap en al die pyn laat verdwyn? Hoe maak jy wanneer jou dogter hulp weier? Kan jy haar verander? Sonder toestemming kan jy min doen, behalwe om saam met hulle die pad te stap en vir hulle te sê dat jy hulle liefhet; jy kan maar net jou bes doen om hulle te troos terwyl hulle deur hul donker vallei stap. Om hulle te probeer dwing om te verander is om hulle te sterk in hulle kwaad.

Ons Vader en Verlosser is in 'n soortgelyke situasie; hoewel Hulle onbeperkte hulpbronne het, kan Hulle nie Hulle wil op Hul kinders afdwing nie. Hulle kan ons nie laat verander nie, tensy ons vir hulp vra en na Hulle leiding luister en dit volg.

Vir die menslike verstand lyk hierdie Kruis onmoontlik om waar te wees, omdat dit so anders is as wat ons dink. Daar is geen selfverdediging, selfbehoud of eiebelang nie. Dit is 'n volledige oorgawe aan die diens, aan troos en aan hulp aan jou kinders, waarvan die meeste niks met jou te doen wil hê nie.

Diegene wat in God glo en soek om in Sy weg te wandel, kan sien dat die Kruis van Christus nie 'n gebeurtenis is wat op een dag plaasvind nie, maar 'n ervaring is wat die hele geskiedenis van die mensdom dek. Dit is waar dat Christus een keer in die vlees gesterf het, maar hierdie gebeurtenis is die sleutel om vir ons die waarheid te open dat Christus elke dag deurboor word deur menslike gedagtes, woorde en dade. Beskou die volgende Bybelverse:

> ***Ek is saam met Christus gekruisig**, (20) en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. Galasiërs 2:20*

Waarom sê Paulus dat ek *met* Christus gekruisig is, waarom sê hy nie dat ek gekruisig is *soos* Christus nie? As ek *saam met* Christus gekruisig word, dui dit dan nie daarop dat Christus vandag nog deur die sondigheid van die mens gekruisig word nie?

> *Ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. (10) **Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam,** sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 2 Korinthiërs 4:9-10*

Waarom praat Paulus van die sterwe van die Here Jesus wat ons saamdra in ons liggame? Dit is geskryf in die teenwoordige tyd, nie die verlede nie. Dit weerspieël dat Christus saam ly en geraak word deur smart en pyn van die vervolging en lyding van Sy volgelinge.

Wat is dan die menslike reaksie op hierdie Kruis? Dit is onmoontlik om vir jouself te leef as jy elke dag aan Sy lyding dink. Hoe kan jy leef om jouself te behaag met die wete dat Christus elke dag in absolute, volkome pyn is?

Eendag het ek oor hierdie onderwerp gemediteer en was totaal oorweldig deur Sy lyding. Ek het Hom in gebed gevra, "Hoe kan ek 'n seën vir U wees en U help in die lig van al hierdie dinge?" Die antwoord was: "Kan jy een uur saam met My waak?" Geagte leser, ek nooi jou uit om na te dink oor die lyding van ons Verlosser. Is die genietinge in hierdie lewe, wat jy weet jou verhinder om nader aan jou Verlosser te wandel, die moeite werd in die lig van dit wat jy jou Verlosser aandoen? Vir elke sekonde wat hierdie wêreld voortgaan in sy huidige toestand verduur Christus onmeetbare pyn. Elke asemteug wat jy neem is van onskatbare waarde as gevolg van die

lyding wat dit die Seun van God gekos het. Sy barmhartige hart sal nie mense dwing om te verander nie, maar Hy wag met verlange dat ons na Hom toe sal kom om rus te vind.

God maak ons nie verantwoordelik vir al die lyding van die wêreld nie; ons kan nie die hele wêreld vir Hom verander nie, maar terwyl ons elke dag oor die selfverloëning van Christus mediteer en dink aan die groot liefde en geduld wat Hy aan ons toon deur Sy pyn en selfverloëning, kan ons verander deur geduldig te raak met ander, deur hul foute en swakhede oor te sien sonder om te kla of om geïrriteerd te raak.

Die oneindige eeue van die ewigheid sal nooit die volle lengte en breedte van die lyding van die Kruis oor die afgelope sesduisend jaar toon nie. Die onbaatsugtigheid wat dit demonstreer is 'n totale ontbloting van ons selfsugtige natuur. Wanneer jy op hierdie manier aan die Kruis dink word jy óf deur nederigheid versag óf verhard, deur hierdie diepe openbaring van die liefde van God te weerstaan.

Sal jy toelaat dat jy nader getrek word aan die liefde van God in hierdie openbaring van die Kruis en oorweging skenk dat Christus van die grondlegging van die wêreld tot nou toe in Sy Gees gepynig word? Indien dit nie was vir die openbaring van die fisiese Kruis nie, sou ons nie ons ware natuurlike gevoelens teenoor Christus geken het nie. Met die dood van Christus 2000 jaar gelede is die saad van vyandskap in Adam ten volle geopenbaar. Die mensdom het die volledige resultate gesien van wat in die hart van Adam gelê het – tot op daardie stadium 'n onontwikkelde en onbegrepe resultaat.

Noudat ons bewus is van hierdie Kruis, hoe sal ons daarop reageer?

HOOFSTUK 4

# KAN JULLE NIE EEN UUR MET MY WAAK NIE?

Die verhaal van die Kruis van Christus is ʻn konfrontasie vir almal wat nog menslikheid besit. Die arme siele wat ʻn inkomste maak deur diere of mense dood te maak se sensitiwiteit word tot gevaarlike vlakke afgestomp.

Terwyl die dissipels toegekyk het hoe hul Messias voor mense optree en spreek met krag en oortuiging van die koninkryk van God, was hulle trots daarop om met Hom geassosieer te word. Dit was ʻn totaal ander storie terwyl hy die Kruis gedra het op die pad na Golgota. Die vernedering en die dood aan die Kruis was iets waarmee die menslike natuur homself nie maklik vereenselwig nie. Dit is geopenbaar in die lewe van Petrus:

> *Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word. (22)* ***Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie."*** *Matteus 16:21-22.*

Petrus wou nie eens Jesus oor die Kruis hoor praat nie, laat staan nog om deur die proses te gaan. Terwyl Jesus geslaan en gegésel is, is Petrus uitgeken as een van Sy volgelinge, maar hy het dit ontken.

> *Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. Daar sien 'n ander diensmeisie hom en sê vir dié wat daar staan: "Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret." (72) Weer het Petrus dit ontken en met 'n eed gesê: **"Ek ken die man nie!"** Matteus 26:71-72*

Om die werklikheid van Christus se pyn en lyding te besef, behels die totale oorgawe van self om saam met Hom te wandel in die gemeenskap van Sy lyding in besorgdheid oor ander. Die apostel Paulus het hierdie werklikheid begryp toe hy gesê het:

> *Ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry (9) en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. (10) Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en **deel te hê aan sy** lyding **deur aan Hom gelyk te word in sy dood**. Filippense 3:8-10*

Om 'n lewe onafhanklik van hierdie lyding te leef, moet jy voorgee dat dit nie bestaan nie. Wanneer jy nie kan voorgee dat dit nie bestaan nie moet jy daardeur slaap. Indien jy 'n opwindende lewe wil lei met baie plesier, genot en partytjies, moet jy vergeet van die Kruis. Indien jy baie eiendom wil bekom en ryk wil word, moet jy so te werk gaan dat jy die Kruis vergeet, want die Kruis plaas hierdie dinge in 'n persektief van leegheid en nietigheid.

Deur die gelykenis van die tien maagde het Jesus probeer om sy arme dissipels voor te berei op hierdie traumatiese ervaring.

> *"Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. (2) Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig. (3) Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar*

> *nie ekstra olie met hulle saamgevat nie, (4) terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het. (5)* ***Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak****. Matteus 25:1-5*

Kort hierna het Jesus en sy dissipels die Pasga gevier op die Donderdagaand en daarna het hulle na die Tuin van Getsémané gegaan om te bid. Daar was 'n swaar atmosfeer rondom Christus. Die dissipels kon sien dat daar iets was wat vir Hom 'n groot las was. Hy het Petrus, Jakobus en Johannes eenkant geneem om saam met Hom te bid.

> *Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword (38) en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." (39) Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Matteus 26:37-39*

Alhoewel die dissipels kon sien dat Jesus diep bedroef en beangs was, het hulle in 'n sluimering geval en aan die slaap geraak! Nadat Jesus 'n tyd lank in angstige gebed deurgebring het, het Jesus by sy slapende dissipels gekom om hulle wakker te maak:

> ***Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?*** *(41) Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak." Matteus 26:40-41*

Petrus het vroeër vol selfvertroue aangedui dat hy bereid was om vir Jesus te sterf, maar toe Jesus besig was om te sterf onder die gewig van Sy groot angs het Petrus aan die slaap geraak. Waarom?

Wanneer die menslike natuur sy selfsugtige ambisies wil koester moet dit verval in 'n sluimering oor die lyding van Christus. Indien

ons bewus is van die lyding van Christus en saam met Hom dit aanvoel, sal ons saam met Hom waak. Ons sal ons strewe en begeertes vir die dinge van hierdie wêreld prysgee.

Elke dag word ons uitgenooi om die opofferinge van Jesus te oordink sodat ons uit ons selfsugtige natuur kan groei. In die Ou Testamentiese diens word in die oggend en die aand geoffer. Die oggend se offer is omtrent 9vm gebring terwyl die aandoffers rondom 3nm gebring is. Hierdie tye bied ons die geleentheid om die lyding van Christus te oordink en om te vra vir genade en moed, sodat ons kan ophou om Hom lyding aan te doen deur dinge te doen en te sê wat Hom deurboor.

Ons sal later meer oor offerandes praat, maar ons sien dat die volgelinge van Christus aangehou het om op sekere tye bymekaar te kom en te bid en terselfdertyd het hulle die betekenis van Daniël se woorde besef dat slagoffer en spysoffer opgehou het.

> *Een middag om drie-uur, die tyd van die gebed, was Petrus en Johannes op pad tempel toe. Handelinge 3:1*

Die uur van die gebed was die tyd van die aandoffer, maar die dissipels het bloot gaan bid om die lyding van Christus te oordink en om te bid vir genade om net vir Hom te leef.

Indien jy ‘n volgeling van Jesus Christus is, nooi ek jou uit om twee maal per dag tot stilstand te kom en te dink aan die verskriklike lyding wat ons Vader en ons Verlosser deurmaak deur die lyding en angs van al Hul kinders reg oor die wêreld. Jesus vra ons vandag, “Kan jy een uur saam met My waak?”

HOOFSTUK 5

# U HET GEEN BEHAE IN SLAGOFFER OF SPYSOFFER NIE

Een van die groot redes waarom die ware hart van die Kruis misverstaan word, is die instelling van die offerstelsel in die Ou Testament.

> *Sê vir die hele gemeente van Israel:* ***Elkeen moet sorg dat*** *hy op die tiende van hierdie maand* ***'n lam vir sy gesin het****, vir elke huisgesin een. (4) As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, kan 'n man en sy naaste buurman dit onder mekaar verdeel volgens die getal persone. Julle moet die lam deel volgens elkeen se behoefte. (5) Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok.( 6) Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en* ***dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag****. (7) Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet.*
> *Eksodus 12:3-7*

> *Julle moet vir My 'n altaar van grond bou en* ***julle brandoffers en maaltydoffers uit julle kleinvee en beeste daarop bring****. Op elke plek waar Ek my Naam wil laat aanroep,* ***sal Ek na julle toe kom en julle seën****. Eksodus 20:24*

Die indruk wat hierdie verse laat is dat God wil hê dat sy mense diere moet doodmaak en offer aan Hom en indien hulle dit doen, sal Hy

hulle seën. Toe Johannes die Doper die Messias aan die wêreld voorgehou het, is Hy voorgehou as die Lam van God.

> *Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "**Dáár is die Lam van God** wat die sonde van die wêreld wegneem! Johannes 1:29*

Indien Jesus die Lam van God is wat geoffer is, is die logiese gevolgtrekking by baie mense dat God wou gehad het Sy Seun moes sterf om vir ons sondes te betaal. Binne hierdie konteks is die mens nie besig om die Seun van God dood te maak nie, maar is besig om te doen wat God wil hê.

> *Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. Jesaja 53:10*

Indien dit die Here behaag het om Sy Seun aan die Kruis te laat sterf, dan word die indruk by baie mense gelaat dat God hierdie offer nodig gehad het om sy woede teen ons sonde tot bedaring te bring. Om ons te wys hoe sleg ons sondes is, moes Jesus sterf in ons plek om die Vader se geregtigheid te vervul. Een baie populêre Christelike lied beskryf dit soos volg:

*In Christ alone, who took on flesh*
*Fullness of God in helpless babe*
*This gift of love and righteousness*
*Scorned by the ones He came to save*
***'Til on that cross as Jesus died***
***The wrath of God was satisfied***
*For every sin on Him was laid*
*Here in the death of Christ I live, I live*[4]

Hierdie begrip van die Kruis verdraai dit heeltemal die verkeerde

---

[4] In Christ Alone. By Natalie Grant 2008.

kant om. Dit stel God voor as die een wat die dood vereis en dit verskans die waarheid oor ons eie natuur, soos bespreek in die tweede hoofstuk. Indien God die dood van Sy Seun vereis om vir ons sondes te betaal, dan verskans dit die haat in ons natuur teen God. Eerstens kan ons redeneer dat dit die Jode en die Romeinse soldate was wat Hom gekruisig het. Tweedens kan ons redeneer dat hulle net die straf toegedien het wat God verwag het vir die offer wat gemaak moes word. Dit is hierdie denkrigting wat die volgende idees vorendag bring:

> *Volgens die kundiges wat die manuskrip herstel, vertaal en geverifieer het, sê die sogenaamde verlore evangelie van Judas dat Jesus sy hegte vriend Judas Iskariot gevra het om hom aan die Romeine oor te lewer omdat Hy aan die gevangenisskap van sy aardse liggaam wou ontsnap. Die 26 bladsye - 13 velle papirus met geskrewe voor- en agterkante - beeld Judas uit as 'n Christenheld en nie 'n skurk nie.*
>
> *Die bestaan van die dokument is gister in Washington onthul op 'n nuuskonferensie wat deur die National Geographic Society gehou is, wat deel was van 'n internasionale poging om die enigste bekende oorlewende eksemplaar te red. Dit is erg beskadig tydens 'n vreemde reis vanaf 'n kalksteenboks in 'n Egiptiese graf na 'n kluis in Hicksville, N.Y.*
>
> *"**Die evangelie van Judas verander Judas se verraad in 'n daad van gehoorsaamheid**," sê Craig Evans, professor in Nuwe-Testamentiese studies aan die Acadia Divinity College in Wolfville, N.S., wat gehelp het om die dokument te interpreteer.*[5]

[5] Anne McIlroy, Was Judas a True Christian Hero? The Globe and Mail April 7, 2006

Vir diegene van ons wat glo dat die Bybel die Woord van God is, is so iets ver van die waarheid af. Tog is daar vrae: het God hierdie offers nodig? Is dat wat Sy geregtigheid vereis?

> ***Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie****, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê. Psalm 40:7*

Die Bybel stel dit duidelik dat God geen behae het in offers nie. Die Here vereis nie brandoffers en sondeoffers nie. Ons lees ook verder:

> ***Toe Ek julle voorvaders uit Egipte laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie.*** *(23) Maar wat Ek hulle beveel het, is: Julle moet My gehoorsaam. Dan sal Ek julle God wees en julle sal my volk wees. Maar julle moet leef soos Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan. Jeremia 7:22-23*

Hoe kan God aandui dat Hy die kinders van Israel nooit opdrag gegee het om brandoffers en ander offers te bring nie, terwyl dit blyk dat Hy wel opdrag gegee het om die Pasga te bring en dat Hy ander offerstelsels ingestel het? Weerspreek die Bybel homself hier?

> *"Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na jou toe stuur. Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit die mag van die Filistyne, want Ek het op my volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My bereik." (17****) Net toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir hom gesê: "Dit is die man van wie Ek jou gesê het hy sal oor my volk regeer."***
> *1 Samuel 9:16-17*

In hierdie verhaal beveel God sy profeet, Samuel, om 'n man te salf om koning te wees oor die volk Israel. In die onmiddellike konteks blyk dit dat God die een is wat hierdie dinge beveel. Die breër konteks is dat Israel 'n koning gevra het en dat God *hulle* versoek gerespekteer het.

> *Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: "Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer." Samuel het tot die Here gebid, (7) en die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle. (8) Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien. 1 Samuel 8:6-8*

Die Bybel bevestig dat God nie vir Israel 'n koning wou gehad het nie, maar dat Hy toegegee het aan hulle versoek.

> *Ek het jou vernietig, Israel, Ek wat jou eers gehelp het. (10) Waar is jou koning dan nou? Laat hy jou help in al jou stede! Waar is jou regeerders van wie jy gesê het: "Gee vir my 'n koning en amptenare"? (11)* ***Ek gee vir jou 'n koning in my toorn*** *en Ek vat hom weg in my woede! Hosea 13:9-11*

Wat beteken dit dat God hulle 'n koning gegee het in sy toorn? Die toorn van God is om aan mense te gee wat hulle begeer.[6] Daar is 'n paar plekke in die Bybel waar God opdrag gee om die mense te gee wat hulle vra. Kyk na die volgende voorbeeld:

> *Die Here het vir Moses gesê: (2) "Stuur manne om Kanaän, wat Ek aan die Israeliete sal gee, te verken. Uit elke voorvaderlike stam moet jy een stuur wat 'n leier onder hulle is." Numeri 13:1-2*

As u hierdie teks in die onmiddellike konteks lees, blyk dit dat God wou hê dat Israel die land Kanaän sou verken. Iets anders kom na vore wanneer ons die breër konteks in ag neem.

> *"Julle almal het toe na my toe gekom en gevra ons moet manne voor ons uit stuur dat hulle die land vir ons kan verken en ons*

---

[6] 'n Uitgebreide studie op hierdie onderwerp is te vinde in Hoofstuk 13 van die boek *Dade van ons Sagmoedige God*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

> *kan kom inlig oor die pad wat ons moet vat en oor die stede waarheen ons op pad is. Deutoronomium 1:22*

Dit was Israel wat die land wou verken, dus het God opdrag gegee dat dit gedoen word. Waarom doen God dit?

> *Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Romeine 5:20*

Die eerste ding wat God doen wanneer iemand sonde in sy hart het, is om die sonde aan daardie een uit te wys. Die menslike hart het die vermoë om homself te mislei. Wanneer ons buite die wil van God beweeg, sal God opdrag gee om ons begeerte uit te voer, sodat die oortredings nog meer gemaak word, sodat ons die sonde daarin kan herken. Hy doen egter nie hierdie dinge sonder die geleentheid vir die een om te sien dat dit verkeerd is nie. Die opdragte word deur die mens gelees asof dit die wil van God is, want die mens is blind vir sy eie sondigheid. Hulle verkies om dit te glo, want dit laat God lyk soos een van hulle en dit regverdig hulle sonde.

Ons het in die eerste hoofstuk ontdek dat die saad van die dood in die hart van Adam was. Hy het die Seun van God verantwoordelik gehou vir die handelinge wat hy geglo het die dood sou bring en hy gevrees het God aan hom sou doen. Om van die dood te ontkom, het hy sy vrou blameer. Hy was gewillig dat sy in sy plek sterf, want Adam was onder die indruk dat God se oordeel die dood vereis. Hy het verder geredeneer dat die skuld verskuif kon word en dat iemand anders die straf kon dra wat God vereis het. Om Adam te toon wat in sy hart is, het God die offerstelsel ingestel. Die offerstelsel is 'n weerspieëling van die denke van die mens en nie die denke van God nie. Die offerstelsel is 'n spieël wat die denke van die mens weerspieël. Met dit in gedagte kan ons die tekse van die Bybel oor die offerstelsel harmoniseer.

> *Maar Samuel antwoord: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel?*

*Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme. 1 Samuel 15:22*

God wil net hê dat ons Hom vertrou en gehoorsaam deur vertroue in Sy genade. Dit was nie Sy begeerte om aan die mense ‘n offerstelsel te gee nie, maar Hy moes opdrag gee volgens die hart van die mens, om aan hom sy sondigheid te toon. Waarom het God aan Moses soveel breedvoerige opdragte gegee rakende die offerstelsel?

*As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ′n koninkryk wat My as priesters dien, en ′n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.′ Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.″ (7) Moses het toe afgeklim en die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het. (8)* ***Daarna het die volk soos een man geantwoord: “Alles wat die Here gesê het, <u>sal ons doen</u>.”*** *Moses het vir die Here gaan sê wat die volk geantwoord het. Eksodus 19:6-8*

Aanvanklik wou die Here gehad het dat die hele Israel priesters moes wees wat op Sy genade vertrou om aan hulle al die beloftes van die verbond te gee. Israel se antwoord op God se beloftes is dat alles wat die Here beloof het om te doen, hulle self sou doen. Deur aan God te sê dat hulle dit self sal doen, was hulle eintlik besig om teen God te rebelleer.

*Toe Ek julle voorvaders uit Egipte laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie. (23) Maar wat Ek hulle beveel het, is: Julle moet My gehoorsaam. Dan sal Ek julle God wees en julle sal my volk wees. Maar julle moet leef soos Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan. (24)* ***Maar hulle het nie geluister nie en hulle aan My nie gesteur nie. Hulle was hardkoppig en moedswillig, hulle het hulle eie kop gevolg, sodat hulle versleg het in plaas van te verbeter. (25) Vandat julle***

> ***voorvaders uit Egipte getrek het tot vandag toe****, het Ek vroeg en laat my dienaars die profete na julle toe gestuur. (26) Maar die volk het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie, hulle het hardkoppig gebly en meer kwaad as hulle voorvaders gedoen. Jeremia 7:22-26*

Die Woord van God sê dat hulle van die eerste dag af wat hulle uit Egipte getrek het, begin rebelleer het teen God se wil. Die aand toe hulle die Pasga-lam geëet het, het hulle getoon dat hulle Christus verwerp het. Die gebeure wat omtrent 1500 jaar later plaasgevind het deur die verwerping van Christus (in sy aarde bediening) was net 'n herhaling van wat hulle gedoen het op die aand van daardie eerste Pasga. Hulle was hardkoppig en moedswillig, hulle het hulle eie kop gevolg. In werklikheid was die dood van die Pasga-lam 'n openbaring van hul verwerping van God se genadige aanbod wat gegee is die eerste keer toe Moses na hulle gekom het in Egipte.

> *Daarom moet jy vir die Israeliete sê: Ek is die Here. Ek sal julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. Ek sal julle van die verknegting verlos, Ek sal julle vrymaak met mag en met groot reddingsdade. (6) Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees. Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is wat julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. (7) Ek sal julle bring na die land toe wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Ek sal dit julle eiendom maak. Ek is die Here." (8) Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel,* ***maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie****. Eksodus 6:5-8*

Die Israeliete het God blameer vir hulle Egiptiese onderdrukking, eerder as om berou te hê oor hul afgodediens en afvalligheid. Waarom sou hulle so 'n liefdevolle en barmhartige aanbod van die Beloofde Land weier, tensy hulle God in hul harte blameer het in woede oor wat gebeur? Dit is die saad van die Pasga-lam. Hulle sou die Seun van God doodgemaak het indien Hy persoonlik na hulle gekom het, net soos wat 1500 jaar later gebeur het.

Ten spyte van al hierdie dinge het God hulle geleer dat Hy hulle wou beskerm deur hulle geloof in die bloed van die lam wat geslag is en wat op die deurposte gesprinkel is. Die Here het hulle Sy genade getoon deur hulle verkeerde idees van versoening. Hy het hulle begin leer omtrent Sy genade.

Die tweede stel gebooie is gemaak deur mensehande en God het daarop geskryf. Dit verteenwoordig die kombinasie van God se handewerk en die mens s'n.



Binne enkele weke nadat hulle die wet by die berg Sinai ontvang het, het hulle hul belofte van gehoorsaamheid verbreek deur om die goue kalf te dans. In sy woede het Moses die twee tafels gebreek wat God sonder mensehande uitgekap het en waarop Hy die Tien Gebooie geskryf het.

> *Die Here het vir Moses gesê: "**Kap vir jou twee plat klippe net soos die voriges. Ek sal op die klippe die gebooie skryf** wat op die voriges was wat jy stukkend gegooi het.*
> *Eksodus 34:1*

Die tweede stel gebooie is gemaak deur mensehande en God het daarop geskryf. Dit verteenwoordig die kombinasie van God se handewerk en die mens s'n. Die mens het God se aanbod om alles gratis aan hulle te gee, verwerp. Hulle wou dit doen om hulle goedheid en vroomheid te demonstreer. Daarom het God opdrag gegee volgens die dinge wat in hul hart was, sodat die sonde meer kan word. Hul harte was vol brandoffers en sondoffers wat hulle wou bring. Is dit nie wat hulle gebring het om die goue kalf nie? God

het hulle opdragte so saamgestel sodat dit aan hulle hul menslike denke kon toon.

> *Ek het vir hulle voorskrifte gegee wat nie goed was nie en bepalings waardeur hulle nie in die lewe kon bly nie.*
> *Esegiël 20:25*

Hoe kan dit wees dat God voorskrifte gee waardeur hulle nie in die lewe kon bly nie? God gee aan hulle die dinge wat hulle verkies. Hoe ver sal die menslike denke hom neem om God te probeer kalmeer met offers?

> *Die koning en die hele volk het vir die Here offerandes gebring. (5)* ***Koning Salomo het twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend stuks kleinvee geoffer****. So het die koning en die hele volk die tempel van God ingewy.*
> *2 Kronieke 7:4-5*

Waar het God so baie offers vereis? Die Bybel sê dat God nie brandoffers en ander offers begeer het nie. Aanvanklik het Adam opdrag ontvang om hoogstens een maal per jaar 'n lamsoffer te bring, net om aan hom te toon wat in sy hart is.

> ***Toe oestyd aanbreek****, het Kain uit die opbrengs van sy landerye 'n offer vir die Here gebring. (4) Abel het die beste uit sy lammers, die eerstelinge van die seisoen, en van hulle vet as offer gebring. Die Here het Abel en sy offer aanvaar.*
> *Genesis 4:3-4 (Nuwe Lewende Vertaling)*

Hierdie vertaling dui aan dat hulle hul offers gebring het toe die oestyd aangebreek het.

> ***And it cometh to pass at the end of days*** *that Cain bringeth from the fruit of the ground a present to Jehovah…*
> *Genesis 4:3 (Young's Litteral Translation)*

Die letterlike vertaling is "aan die einde van dae" of "aan die einde van die jaar" wanneer die oestyd aangebreek het. Kom ons kyk na die kommentaar van John Wesley oor hierdie teksgedeelte:

> *Met verloop van tyd – Aan die einde van dae, óf aan die einde van die jaar wanneer hulle hul oestyd gevier het, óf aan die einde van die dae van die week, die sewende dag; op 'n bepaalde tyd het beide Kain en Abel vir Adam, as die priester van die gesin, elkeen 'n offer aan die Here gebring. Daaruit kan ons aflei dat daar 'n goddelike bepaling gegee is aan Adam, as 'n teken van God se guns ten spyte van hul afvalligheid. John Wesley se kommentaar op Genesis 4:3.*

Dieselfde Hebreeuse woord is op ander plekke vertaal as *einde van die jaar*.

> *Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, **van jaar tot jaar**. Eksodus 13:10 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

> *En sy moeder was gewoond om vir hom 'n klein manteltjie te maak wat sy **van jaar tot jaar vir hom gebring** het as sy met haar man opgaan om die jaarlikse offer te bring. 1 Samuel 2:19 (1953 Afrikaanse Vertaling)*

Hoekom het een offerdier per jaar verander in 120 000 stuks kleinvee en 22 000 beeste wat geoffer is deur een koning? Die mens was gewillig om hul eie kinders te offer om hul god te kalmeer. Wat sê die Skrif?

> *Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tienduisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom, vir my oortreding? (8) Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God. Miga 6:7-8*

God wil hê dat mense Hom vertrou sodat hulle Sy genade ontvang om te gehoorsaam. Hy soek nie offerandes om Hom te paai nie. Nog 'n teksvers hieroor, is die volgende:

> *Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie. Hebreërs 9:22*

Hoekom leer die wet ons dat daar geen vergewing, geen vryheid plaasvind sonder bloedvergieting nie? Dit is omdat die wet 'n weerspieëling is van wat in die mens se hart is.

> *Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, **deur die wet leer 'n mens wat sonde is**. Romeine 3:20*

Dit is nie die offer van offerandes, soos deur die wet voorgeskryf, wat die mens regverdig maak nie, maar deur die offerandes kry ons kennis van wat in ons natuur is, sodat ons ons dan van hierdie sonde bekeer. Die wet bring die saad in die ope sodat dit bely kan word. Dit is nie God wat vereis dat "sonder die vergieting van bloed" geen vergifnis plaasvind nie. Dit is eerder die mens wat dit glo en nie kan glo dat God hom kan vergewe sonder dat hy een of ander offer bring nie. Vir die wat ore het om te hoor, laat hom verstaan.

Dus is die wet oor die offerandes daar om ons te toon hoe ons sondige hart lyk. Ons onthou die Skrif sê:

> *Toe Ek julle voorvaders uit Egipte laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie. Jeremia 7:22*

Die enigste manier om hierdie stelling te harmoniseer met alles wat geskryf is in die Tora is om te verstaan dat die Tora 'n weerspieëling is van die menslike denke sodat hy sy sonde kan sien en dit erken.

Ten spyte van die afvallige natuur van die mens wat offerandes wil bring en iets wil doodmaak om God te paai, was God in staat om

deur hierdie verdorwendheid die mens te leer dat Hy gewillig is om te vergewe. Hy het hulle gewys op die Messias wat sou kom om aan hulle die karaktereienskappe van die Lam te demonstreer. Die openbaring van hierdie karakter sal die harte van mense na God terugbring. Dit is die karakter van God, geopenbaar in Christus, wat mense terugdraai na God en hulle verenig. Dit is waarom Jesus op die aand voor sy dood kon sê:

> *En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. (4) Ek het U op die aarde verheerlik* ***deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen****. Johannes 17:3-4*

Indien Christus die werk wat Sy Vader Hom gegee het om te doen, die aand voor Sy dood volbring het, het God tog nie nodig gehad dat Christus sterwe nie. Christus moes net Sy liefdevolle, genadige karakter kom toon. Ons as mens het Christus nodig gehad om vir ons te sterwe, want in ons natuurlike aard dink ons dat daar geen vergifnis is sonder straf nie. Om God se vergifnis te ervaar het die mensdom nodig om Christus te sien sterf. Net voordat Jesus gesterf het, het Hy uitgeroep, "Dit is volbring!" (Johannes 19:30).

Wat is volbring? Hy het die daad gedoen wat die mense nodig gehad het om te sien, sodat hulle kan glo dat hulle vergewe kan word. Dit is waarom God opdrag gegee het om offers te bring, want mense het dit nodig gehad om te sien en te glo dat iemand in hul plek kon sterf sodat hulle vergewe kan word.

Om die belangrikheid van hierdie vraag te verstaan, moet ons die Kruis van Christus in 'n heeltemal ander lig sien; 'n lig so rein, so waardevol en so bevrydend. Sal jy hierdie lig betree?

HOOFSTUK 6

# ONS HET 'N WET

In een van Sy gesprekke met die leiers van Israel het Jesus gesê:

> ***Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen**. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen. Johannes 8:44*

Die leiers van Israel het die woorde van Satan gespreek toe hulle met Jesus gepraat het, want Jesus het aan hulle gesê dat Satan hulle vader is en dat hulle volgens die begeertes van hul vader, Satan, handel. Hierdie woorde van die Joodse leiers weerspieël die gedagtes van Satan en die hele mensdom se begrip van geregtigheid:

> *Die Jode sê toe vir hom: "**Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood**, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het." Johannes 19:7*

> *Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: "Julle verstaan niks, (50) en julle besef ook nie dat **dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie**." Johannes 11:49-50*

Die leiers van Israel het Jesus veroordeel in hul gedagtes. Volgens hulle interpretasie van die wet moes Jesus sterf. Nikodemus het by sy mede-leiers appél aangeteken omtrent hierdie vraagstuk.

> *"**Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel** sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie." Johannes 7:51*

Indien dit nie was vir die Romeinse oorheersing nie sou hulle Jesus baie vroeër gedood het.

> *Pilatus sê toe vir hulle: "Vat julle hom en veroordeel hom volgens julle wet." Maar die Jode sê vir hom: "Ons mag nie iemand teregstel nie." Johannes 18:31*

Die manier hoe die leiers die wet van Moses geïntepreteer het, was om die doodstraf uit te deel aan die wetsoortreders. Baie wette vereis die straf van steniging. Toe Jesus die wet van Moses geïntepreteer het, het Hy die wet anders gebruik.

> *En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. (4) En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; (5) en **Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig**; maar U, wat sê U? (6) En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. (7) Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: **Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi**. (8) En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. (9) En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. (10) En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: **Vrou, waar is***

> ***daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie****? (11) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar:* ***Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie****. Johannes 8:3-11 (1953 Afrikaans Bybelvertaling)*

Die Fariseërs het hierdie vrou (en om die waarheid te sê, ook die man) op heter daad betrap. Volgens hul interpretasie van die wet moes sy gestenig word. Jesus het op so 'n manier in die sand geskryf, dat dit haar beskuldigers van sonde oortuig het. Deur aan hulle te sê dat hulle sonder sonde moet wees om die morele reg te kan hê om haar te stenig, is hulle oortuig van hulle eie sonde. Eerder as om vergifnis te vra het hulle hulself veroordeel en het hulle verdwyn uit die teenwoordigheid van Jesus. Hy het die vrou vrylik vergewe van haar sonde en aan haar die uitnodiging gegee om nie meer te sondig nie. Dit was vir die vrou 'n groot verligting en het in haar 'n diepe dankbaarheid teenoor haar Verlosser gebring. Christus het die wet gebruik om te red en te verlos van sonde, terwyl die Fariseërs dit gebruik het om dood te maak.

Dit openbaar die verskil tussen God se geregtigheid en Satan se geregtigheid. Baie mense glo dat God se geregtigheid die dood vereis. Hulle glo dat genade en geregtigheid teenoor mekaar staan en selfs in stryd is met mekaar. Wanneer God se geduld opraak, sal die lang arm van sy wet die skuldiges vernietig.

Kom ons kyk na die Skrif:

> *[1] Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; [2] goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit.*
> *Psalm 89:15 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

> *[1] Justice and judgment are the habitation of thy throne: [2] mercy and truth shall go before thy face.*
> *Psalm 89:14 (King James Bible)*

Let op na die kommapunt na die woord troon in die Ou Afrikaanse vertaling. Hierdie skryfteken skei twee onafhanklike frases, waar die tweede frase die eerste een verduidelik. Dit beteken die geregtigheid van God is om goedertierenheid en trou (genade en waarheid volgens die *King James Bible*) te toon. Geregtigheid is om die regte ding te doen en wanneer God die regte ding doen, bewys Hy liefde en genade. Die vraag is: Hoe lank duur God se genade?

> *want die Here is goed, **aan sy liefde is daar geen einde nie**, sy trou duur van geslag tot geslag. Psalm 100:5*

> *For the LORD is good; **His mercy is everlasting**, And His truth endures to all generations. Psalm 100:5 (King James Version)*

> *Loof die Here, want Hy is goed. **Aan sy liefde is daar geen einde nie.** (2) Loof die oppermagtige God. **Aan sy liefde is daar geen einde nie**. (3) Loof die magtigste van alle maghebbers. **Aan sy liefde is daar geen einde nie.** (4) Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen. **Aan sy liefde is daar geen einde nie**. (5) Hy het die hemel met soveel insig gemaak. **Aan sy liefde is daar geen einde nie**. Psalm 136:1-5*

Van God se kant af is daar geen einde aan sy genade en barmhartigheid en liefde nie. Vir die wat Hom verwerp is daar geen ander god wat genadig is nie. Hulle verwag om gestraf te word vir hulle sondes en God laat toe dat hul verkeerde keuses hulle inhaal, sodat hul eie sin vir geregtigheid vervul word.

> *So het die Here Hom bekend gemaak, Hy het reg laat geskied, en die skuldige is deur sy eie handewerk gevang. Psalm 9:17*

Hoe laat God reg geskied teenoor die skuldige? Hy laat hulle gevang word deur die gevolge van hul eie keuses. Hy verhoed nie die gevolge nie. Dit is tog die regte ding om te doen, is dit nie? Wanneer hulle vir genade vra, sal Hy genade skenk deur hulle te help om deur

die gevolge te kom, maar as hulle nie genade verwag nie en nie daarvoor vra nie, kan hulle dit nie ontvang nie, al word dit aangebied. Ongelukkig dink die meeste mense dat God soos ons is. Hulle dink God se geregtigheid is dieselfde as ons geregtigheid.

> *Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. Psalm 50:21 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

Wanneer God se geregtigheid die dood vereis is God die oorsprong van dood. Indien God ooit die idee gekoester het om een van sy skepsels dood te maak omdat hulle sy wet oortree het, dan is die beginsel van die dood binne God. Wanneer ons na Jesus kyk, die openbaring van die Vader, sien ons net lewe. Ons sien geen dood nie.

> *Jesus sê vir haar: **Ek is die opstanding en die lewe**; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; Johannes 11:25*

> *Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. (2) **Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is**. 1 Johannes 1:1-2*

God het nie die doodsvonnis vir sonde opgelê nie. Sonde is selfvernietigend. Die loon van die sonde is die dood. Dit is iets wat verdien word wanneer jy met sonde doenig raak. God betaal nie die loon van die sonde nie, sonde doen dit self. Die Bybel sê nie dat die loon VIR die sonde is die dood nie; dit sê die loon VAN die sonde is die dood. Daar is ‘n groot verskil.

Die Bybel openbaar aan ons deur die verhale van die Ou Testament hoe die doodsvonnis die heelal betree het.

> *Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees. Romeine 15:4*

Satan is die een wat die doodsvonnis uitgedink het. In die verhaal van Daniël in die leeukuil sien ons hoe 'n doodsvonnis ingebring word.

> *Darius die Mediër het die koningskap oorgeneem toe hy twee en sestig jaar oud was. (2) Hy het besluit om honderd en twintig goewerneurs-generaal aan te stel om oor sy hele koninkryk te regeer. (3) Oor hulle was daar drie ministers, van wie Daniël een was en aan wie die goewerneurs-generaal verantwoordelik was sodat die koning se belange behoorlik behartig kon word. (4)* ***Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander*** *ministers en die goewerneurs-generaal* ***dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel****. (5) Die ministers en die goewerneurs-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie. (6) Hulle sê toe vir mekaar:* ***"Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens."*** *(7) Die ministers en die goewerneurs-generaal storm toe by die koning in en sê vir hom: "Mag die koning baie lank lewe! (8)* ***Al u ministers en al die goewerneurs, goewerneurs-generaal, raadgewers en administrateurs het met mekaar ooreengekom dat daar 'n koninklike dekreet uitgevaardig moet word. Die dekreet moet baie streng bepaal dat enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, U Majesteit, in 'n leeukuil gegooi moet word****. Daniël 6:1-8*

Hierdie verhaal is neergeskryf sodat ons daaruit kan leer. Darius versinnebeeld God die Vader en Daniël versinnebeeld Jesus Christus. Daniël het die hoogste aanstelling gehad naas die koning; die koning wou hom aanstel oor die hele koninkryk. Dit het jaloesie aangewakker in dié wat onder Daniël was. Die leiers onder Daniël het uit jaloesie 'n doodsvonnis bepaal wat op Daniël gemik was. Die koning het nie hierdie plan uitgedink nie, maar dit is aan hom voorgelê en hy het, oningelig oor die implikasie daarvan, dit onderteken. God het die implikasies besef van Satan se pogings om Christus, wie hoër as hy was, te vernietig. Satan was jaloers op die Seun van God en het baie engele oorreed om saam met hom Christus te probeer onttroon. Toe Satan die menslike hart in sy strik gevang het, het God toegelaat dat 'n plan in werking gestel word wat sou lei tot die dood van Christus. Die meerderheid van die wêreld glo dat Christus gesterf het om aan die eise van die Koning te voldoen, maar dit was eintlik om die geheime agenda van Satan, om Christus te vernietig, te ontbloot.

In 'n oomblik wat Satan gedink het sy oomblik van oorwinning was, het hy sy moorddadige agenda geopenbaar en alle simpatie met hom in die hemel het verdwyn.

> *Op bevel van die koning is die mense wat vir Daniël verkla het, gebring en in die leeukuil gegooi saam met hulle kinders en hulle vrouens. Hulle het nog nie in die leeukuil grond gevat nie of die leeus was op hulle en het hulle verskeur. Daniël 6:25*

Koning Darius het aan die mense wat die dood van Daniël beplan het, gedoen wat hulle aan Daniël wou doen. Ons Vader in die hemel sal toelaat dat Satan die vernietiging ontvang wat hy Christus wou aandoen. Op die weg na die kruis was Christus in die leeukuil deur die nag tot die volgende dag. Soos Daniël het Hy triomferend uit die leeukuil gekom op die opstandingsoggend en daardeur het Hy diegene vernietig wat Hom wou vernietig.

Die les uit die verhaal is dat die individue wat onder die gesag van die Seun van God val, die idee uitgedink het om die doodsvonnis op te lê aan diegene wat nie die Vader eer nie. Die oorsprong van die plan is nie by God nie, maar God het toegelaat dat dit sy loop neem om die versteekte agenda van Satan te openbaar. Die wet van die regeerders van Babilon was om die koning se reg te bevestig. Dit moes sy oordeelkundige geregtigheid verteenwoordig, maar dit was ‘n nagemaakte geregtigheid wat ingestel is, wat die dood gebring het op dié wat dit uitgedink het.

Daar is ‘n ander verhaal in die Ou Testament wat die verskil tussen die oordeel van die koning en een van sy seuns verduidelik.

> *Hy het soggens vroeg opgestaan en langs die pad by die stadspoort gaan staan. Hy het elkeen wat met sy saak vir 'n beslissing na die koning toe gekom het, na hom toe geroep. "Uit watter stad is jy?" vra hy dan. As die man antwoord: "Ek is 'n Israeliet," (3) sê Absalom vir hom: "Kyk, jy het 'n sterk, regverdige saak, maar by die koning sal niemand na jou luister nie." (4) Dan voeg Absalom by: "As ék maar net as regter in hierdie land aangestel word, sou ek 'n regverdige uitspraak lewer vir elkeen wat met 'n geding of saak na my toe kom." (5) As so iemand nader kom om voor hom te buig, slaan Absalom sy arms om hom en soen hom. (6) So het hy gemaak met al die Israeliete wat vir regspraak na die koning toe gekom het, en op hierdie manier het hy die burgers se harte gesteel.*
> *2 Samuel 15:2-6*

Die naam Absalom beteken *vader van vrede*, maar in sy karakter was versteekte haat en nyd. Absalom wou hê dat sy pa sy halfbroer Amnon moet straf vir die seksuele aanranding van Absalom se suster, Tamar. Omdat Koning Dawid nie 'n vonnis teen Amnon opgelê het nie, het Absalom sy vader verag en besluit om hom omvêr te werp. Absalom het sake in sy eie hande geneem en Amnon

tereggestel met die geregtigheid wat hy geskik geag het. Daarna was hy daarop uit om die harte van die koninkryk van Israel te wen.

> *Absalom het by hom daarop aangedring, en die koning het Amnon en al die koningseuns laat gaan. (28) Absalom het sy lyfwagte beveel: "Julle moet oplet: net as Amnon lekker jolig raak van die wyn,* ***sal ek vir julle die teken gee. Slaan hom dood. Moenie bang wees nie: ek gee mos self die bevel. Pak hom. Moenie weifel nie****." (29) Die lyfwagte van Absalom het met Amnon gemaak soos hulle beveel is. Toe het al die ander koningseuns elkeen op sy muil gespring en gevlug. 2 Samuel 13:27-29*

Satan, aanvanklik bekend as Lucifer, was ongemaklik met die feit dat die Seun van God verhoogde status ontvang het. Lucifer het gevoel dat dit hom onreg aangedoen het en hy was vasberade om die Seun van God omver te werp. Toe die Koning tussenbeide tree en Sy oordele duidelik uitstip, het Lucifer die besluit geneem om die koninkryk omvêr te werp. Hy het baie van die engele onder hom verenig. Die kern van die saak was dié van geregtigheid.

> *Dan voeg Absalom by: "As ék maar net as regter in hierdie land aangestel word, sou ek 'n regverdige uitspraak lewer vir elkeen wat met 'n geding of saak na my toe kom." 2 Samuel 15:4*

Absalom se insinuasie was dat die koning nie 'n regverdige uitspraak lewer aan sy onderdane nie, maar sy bewering was onwaar. Ons lees vroeër in die boek Samuel:

> *Dawid was koning oor die hele Israel en hy het sy hele volk met reg en billikheid geregeer. 2 Samuel 8:15*

Dawid het reg verskaf aan sy onderdane, maar dit was nie die reg wat Absalom nodig geag het nie. Dawid het genade betoon, want die genade van God was by hom en sy koningkryk was daarop gevestig:

> *Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. (14) Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. (15)* ***Maar my trou [goedertierenheid, genade] sal Ek nie aan hom onttrek*** *soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. (16)* ***Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan****." 2 Samuel 7:13-16 [woorde in hakies ingevoeg]*

Absalom wou nie 'n koninkryk hê wat funskioneer op geregtigheid wat genade betoon nie. Hy wou geregtigheid hê wat sondaars sonder genade teregstel. Hierdie verhaal weerspieël die aanvanklike stryd in die hemel. Satan het baie engele oortuig dat sy siening van geregtigheid nodig was om die koninkryk te vestig. Absalom het sy landsgenote oortuig dat sy denkrigtings oor geregtigheid die koninkryk sal verbeter en hy het die harte van die volk gesteel. Op dieselfde manier het Satan die harte van baie engele gesteel en die res van die engele was nuuskierig en was hom simpatiek gesind. Ons weet dit, want Satan was nie heeltemal uit die hemel gewerp totdat hy die Seun van God vermoor het nie. Daarna is hy uit die hemel gewerp.

> *Toe sê Hy vir hulle: "Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val. Lukas 10:18*

> ***Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi****. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring. (5) Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe. Openbaring 12:4-5*

Satan het 'n derde van die engele fisies saam met hom geneem. Hy het die kerk op aarde aangeval en het die kind, die Seun van God in Betlehem gebore, probeer verslind. Dit was nadat Christus opgevaar het na die hemel dat Satan finaal uit die denke van almal in die hemel gewerp is.

> *Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, (8) maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, (9)* ***want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.*** *(10) Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. Openbaring 12:7-10*

Aan die begin van tyd was daar oorlog tussen Christus en Sy engele en Satan en sy engele. Een derde van die engele het Lucifer gevolg, in die duisternis in, en het die hemel verlaat.

> *Dink ook aan wat gebeur het met* ***die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het****. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag. Judas 1:6*

Dit is waar dat God hulle uitgewerp het, maar hulle is uitgewerp deur die leuens wat hulle begin glo het (Openbaring 12:4). God het hulle oorgegee aan die begeertes van hulle harte. Hulle het gedagtes gekoester omtrent God wat hard en genadeloos is en hulle het gevlug vir hul eie valse idees van Hom.

Satan het probeer om sy eie troon te vestig wat sy eiesoortige idees van geregtigheid ingesluit het. Hy wou oor die hele skepping van God regeer.

> *En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, **ek gaan my troon neersit bokant die hoogste sterre**, ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde; (14) ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self. Jesaja 14:13-14*

Die verhaal van Absalom dui aan dat die hele nasie beïnvloed is deur sy idees van geregtigheid. Die feit dat Satan steeds toegang tot die hemel gehad het as die aarde se verteenwoordiger, wys dat selfs die engele in die hemel sy idees nog nie ten volle verstaan het nie.

> *Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle. (7) Toe vra die Here vir hom: "Waar kom jy vandaan?" En die Satan antwoord die Here: "Ek het die wêreld deurkruis." Job 1:6-7*

Die verskyning van Satan voor die koninklike raad het 'n teëbeeld in die optrede van Absalom, om die byvroue van sy vader te neem en sy saad aan hulle oor te dra, in 'n poging om die koninklike lyn te vernietig.

> *Agitofel se raad was: "Gaan slaap by u vader se byvrouens wat hy hier laat bly het om die paleis op te pas. Dan sal die hele Israel besef dat u teen u vader in opstand gekom het en dit sal al u volgelinge se hande sterk." (22) Daar is toe vir Absalom 'n tent op die dak opgeslaan**, sodat hy voor die oë van die hele Israel by sy pa se byvrouens kon gaan slaap**.*
> *2 Samuel 16:21-22.*

Satan se woorde was soos saad wat die heelal beïnvloed. Totdat die saad van moord op die Seun van God wat in Adam gesetel was 4000 jaar later in die kruisiging van Christus geopenbaar is, was die

bedoeling van Satan nie regtig bekend nie. Dit het Satan toegelaat om sy eie karakter aan God toe te skryf. Solank as wat Satan sy ware identiteit kon verskans, het hy die mag tot misleiding oor wie God werklik is, gehad. Hy het hierdie mag gehad omdat hy as hoof oor die engele aangestel was; die ander engele het vertroue in sy kennis oor God gehad. Dit was wat hom toegelaat het om onheil te stig deur die wet van God (die insettinge) te gebruik.

> *Het die regterstoel wat onheil stig, met U gemeenskap; wat moeite versin teen die insettinge in? Psalm 94:20 (1953 Afrikaanse Vertaling)*

> *Kan 'n bose regeerder aan U verbind wees, iemand wie se wette ellende bring? Psalm 94:20 (Nuwe Lewende Vertaling)*

Satan het op die troon van ongeregtigheid gesit en het die wet van God gebruik om aan te dring op 'n doodsvonnis vir diegene wat die wet van God oortree. Die verhaal van Daniël in die leeukuil openbaar hierdie proses. Die verhaal van Absalom dui aan dat die kwessie van geregtigheid bepalend was om die harte van die koninkryk te wen. Al hierdie verhale spreek van die stryd wat in die hemel gevoer is en wat na die aarde neergedaal het. Die kwessies in die stryd is onveranderd.

Tog is Satan deur die dood van Christus blootgelê vir wie hy werklik was. Christus het aan die heelal die ware liefdevolle karakter van God getoon. Christus het gewys dat God sy vyande liefhet; dat Hy die ander wang draai en dat Hy homself gewilliglik oorgegee het aan die mees verskriklike dood sonder enige selfverdediging. Satan en sy agente se hantering van Christus toe Hy op aarde was, het Satan se ware karakter openbaar. Christus se openbaring van God was die teenoorgestelde in karakter. Dus het die dood van Christus die koninkryk van hom wat mag het oor die dood (Satan s'n) vernietig.

> *Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy*

> *dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig. Hebreërs 2:14*

Die Fariseërs was beïnvloed deur Satan se idees van geregtigheid. Dit is waarom hulle Christus wou vermoor. Christus het hulle nie doodgemaak nie, Hy het nie eens gedreig om hulle dood te maak nie.

> *Toe staan die hoëpriester op en sê vir Hom: "Verweer jy jou glad nie? Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?" (63) Maar Jesus het niks gesê nie. Die hoëpriester sê toe vir Hom: "Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?" (64) Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê.* ***Daarby sê Ek vir julle: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel."*** *(65) Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: "Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor. (66)* ***Wat dink julle?" Hulle het geantwoord: "Hy verdien die dood!"*** *Matteus 26:22-26*

Toe Jesus die Fariseers vertel het van sy tweede koms in heerlikheid, het Hy bloot gesê dat hulle Hom sou sien. Aan die ander kant het die Fariseërs Hom ter dood veroordeel. Dit vorm 'n sterk kontras. Die bewys is daar vir die wat daarna soek. God se geregtigheid vra nie vir die doodsvonnis nie; dit is eerder Satan se regstelsel wat dit vereis. God het sy Seun toegelaat om te sterf sodat die haat van Satan en sy koninkryk se regstelsel geopenbaar kan word.

Binne hierdie konteks verander die betekenis van die Kruis. God het nie die dood van Christus vereis om geregtigheid te bevredig nie. Nogtans het die mens daarop aangedring dat hulle 'n wet het, een wat in ons hart geskryf staan wat die dood vereis voordat vergifnis aangebied kan word.

> *Maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. (24) Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Romeine 7:23-24*

Wil jy vry wees van hierdie wet van die sonde? Wil jy vry wees van die regstelsel wat die oortreder se dood vereis? Kyk na Jesus aan die kruis en sien die losprys wat ons almal verstaan nodig was om geregtigheid te handhaaf. Dit was Satan se geregtigheid waaraan voldoen is aan die Kruis, want hy was die ontvoerder wat die harte van die kinders van God gesteel het en 'n losprys geëis het. Ons as die ontvoerdes het die ontvoerder geglo dat die enigste manier vir ons om vry te wees, was dat die losprys van die dood betaal word. God het nie die losprys vasgestel nie, Satan het dit gedoen.

HOOFSTUK 7

# SOOS MOSES DIE SLANG IN DIE WOESTYN VERHOOG HET

Binne die raamwerk dat Jesus gesterf het om aan Satan se idee van geregtigheid te voldoen, sodat die mens kan aanvaar dat God hom vergewe, neem ons nou Jesus se woorde rakende die slang op die paal onder kruisverhoor.

> *En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word… Johannes 3:14 (1953 Afrikaanse Bybelvertaling)*

Vir baie Bybelstudente is die ooreenkoms tussen Jesus aan die kruis en die slang op die paal verwarrend. Hoe word die twee verbind?

> *Om by die gebied van Edom verby te kom, het die Israeliete van Horberg af in die rigting van die Rietsee getrek. Op pad daarheen* ***het die volk ongeduldig geword (5) en teen God en Moses uitgevaar: "Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe?*** *Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos." (6)* ***Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf.*** *(7) Toe kom die volk na Moses toe en bely:* ***"Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het. Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem."*** *Moses het toe vir die volk gebid, (8) en die Here het vir Moses gesê:* ***"Maak 'n beeld van 'n giftige slang en sit dit op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe."*** *(9) Moses het toe 'n*

> *koperslang (bronsslang – sien KJV) gemaak en dit op 'n paal gesit.* ***As iemand wat deur 'n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef.*** *Numeri 21:4-9*

Die slange het gekom as gevolg van hulle murmurering wat 'n opening in die beskermingsmuur om hulle gelaat het.

> *Wie 'n sloot grawe, val self daarin, wie 'n muur afbreek, word deur 'n slang gepik. Prediker 10:8*

Die wat God eer deur Sy gebooie te gehoorsaam het 'n muur van engele as beskerming om hulle. Wanneer die mens aanhoudend Sy gebooie verbreek is die engele nie by magte om mense so maklik te beskerm nie.

> *Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle. Psalm 34:8*

> *Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig. Die roem van die Here hou altyd stand. Psalm 111:10*

God het nie die slange gestuur nie, maar dit eerder toegelaat, omdat Sy engele nie by magte was om die Israeliete te beskerm nie, want hulle het Sy gebooie gebreek. Die mense het gedink dat God die slange gestuur het. Volgens hulle begrip van geregtigheid moes oortreding gestraf word. Dus het hulle gedink dat God aktief besig was om hulle dood te maak as gevolg van hulle sonde. Moses is opdrag gegee om 'n bronsslang[7] te maak. Hierdie metaal is belangrik, want dit kom nie natuurlik voor in die grond nie. Dit is 'n allooi, 'n samestelling van twee natuurlike metale wat God gemaak het,

[7] Vir meer inligting omtrent die aspek van brons en koper, sien die artikel "*A Brazen Battle*" deur Ruben Olschevsky op *maranathamedia.com/article/view/a-brazen-battle*

naamlik koper en sink. Dit was een van Kain se seuns wat aanvanklik brons gemaak het.

> *Silla weer het vir Tubal-Kain in die wêreld gebring, en hy was 'n smid, 'n vakman in koper (brons – sien King James Version) en yster. Sy suster was Naäma. Genesis 4:22.*

Brons is 'n mensgemaakte metaal wat bestaan uit elemente wat God geskep het. Brons is 'n metaal wat soms negatiewe gevolge in die Skrif aandui. Op die lys van vervloekinge vir ongehoorsaamheid is die volgende:

> *"Die hemel bo jou sal brons word en die aarde onder jou yster. Deuteronomium 28:23*

Nadat die Here die afvalligheid van Israel uitgespel het sê Hy aan hulle:

> *"**Mens, Israel het vir My soos metaal geword. Hulle almal is die koper** (brons – sien KJV), die tin, die yster, die lood binne-in die smeltoond, die metaal, die silwer." Esegiël 22:18*

Die slang op die paal, gemaak van brons, verteenwoordig die regstelsel van die slang in die hande van die mens. Die slang is 'n simbool van Satan.

> ***Want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word** en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom. Openbaring 12:9*

Nadat die Israeliete begin sterf het aan die slangbyte en hulle hul bekeer het van hulle murmurering, het hulle geglo dat hulle sonde uitgewis is. Hulle het die verhoogde slang erken as die vernietiger van hulle sonde. Die wat gesterf het was 'n offerande vir hul sonde. Deur hierdie mensgemaakte of brons idees kon God hulle wys dat daar vergifnis van sonde en genesing is. Hulle kon nie insien dat

hulle idees oor geregtigheid afkomstig was van Satan nie. God gebruik hulle denkpatrone oor geregtigheid om hulle tot sondebelydenis, bekering en genesing te lei.

Op dieselfde manier is Christus verhoog van die aarde en oorgegee ter wille van die slang se geregtigheid sodat ons na die Kruis kan kyk en glo dat daar vergifnis is vir ons. Slegs deur die dood van die Seun van God kon ons glo dat God vergifnis aanbied aan die menslike ras en daarom is dit die losprys om ons denke vry te stel.

Jesus het 'n plaasvervangende versoening vir ons sondes gebring terwyl ons in ons natuurlike toestand verkeer. Hierdie versoening word gesimboliseer deur die slang van brons, want dit is die losprys wat die ontvoerder vasstel vir ons vryheid. Dit is die bevrediging van slanggeregtigheid en word versinnebeeld deur brons. Brons is ‘n allooi, dit is nie geskep in die hemel nie, maar dit is geskep deur die mens en meer spesifiek deur die afstammelinge van Kain.




Hierdie hoofstuk beskryf ‘n totaal nuwe benadering van die rede hoekom Jesus aan die kruis vir ons sonde moes sterf. Die Christelike kerk staan vas daarby dat God die dood van Sy Seun vereis het ter wille van ons redding. Nogtans sê die Skrif duidelik:

> *Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê. Psalm 40:7*

God het nie hierdie dood vereis nie, maar Hy het geweet dat indien ons eers afvallig geword het, sou Hy ons nie kon oortuig daarvan dat Hy ons vergewe nie, tensy Sy Seun in ons plek sterf.

Indien God die dood van Sy Seun vereis het sou die offerandes vir ewig ingemessel wees in die aanbidding tot God. Die teenoorgestelde het egter gebeur. Deur die dood van Christus is die hele beginsel van die offer van diere vir sonde afgeskaf.

> *Dié regeerder sal vir een tydperk 'n vaste ooreenkoms aangaan met die vooraanstaandes en teen die helfte van dié tydperk* ***sal hy die diereoffers en die graanoffers afskaf****. Daniël 9:27a*

Christus het 'n einde gebring aan die diereoffers en graanoffers. Christus is verhoog van die aarde en het alle mense na Hom getrek (Johannes 12:32). Wanneer ons stelsel van bronsgeregtigheid eers bevredig is en ons aanvaar vergifnis, kan ons die Gees van God ontvang en kan ons denke vernuwe word. Ons is nie meer onder 'n leermeester nie. Wanneer ons denke eers vernuwe is het ons nie meer nodig om die rots te slaan nie, maar net om te praat met die rots:

> *"Vat Aäron se kierie en roep jy en jou broer Aäron die volk bymekaar.* ***Julle moet dan in hulle teenwoordigheid met die rots praat, en daar sal water uitkom****. Jy moet vir hulle water uit die rots laat kom, sodat die volk en hulle vee kan drink." Numeri 20:8*

Dit is hartseer dat Moses nie God se aanduidings, om met die rots te praat, gevolg het nie. Die murmurering van die mense het Moses kwaad gemaak en hy het die simbool van offerande gebruik deur die rots te slaan. Daarmee het hy die valse idees van geregtigheid en hoe dit vervul moet word, verder vasgemessel. Dit is waarom God moes toelaat dat Moses sterwe voordat hy hemel toe is. Die mense moes sien dat hierdie idees verkeerd was. Hulle moes insien dat God vra dat hulle met Hom praat en net vra vir vergifnis sonder dat enigiemand geslaan word.

Hierdie swakheid van die mens het God steeds nie van plan laat verander nie. Inteendeel, Hy werk saam met ons regstelsel om ons na Christus te bring. Binne die raamwerk van die geslaande rots oortuig God ons dat ons vergewe is en dan kan die waters van lewe vrylik vloei uit die Rots, Christus Jesus.

> *En almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus. 1 Korinthiërs 10:4*

> *Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. (25) Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie. Galasiërs 3:24-25*

Die bediening wat aan Moses gegee was vir hardnekkige mense, was om die mens se sondigheid te vermeerder in die spieël van die wet van God.

> *Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlikheid gekom. Hierdie heerlikheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon bly kyk nie. As die bediening wat tot die dood lei, met soveel heerlikheid gekom het,… 2 Korintiërs 3:7*

Dit is 'n heerlike gebeurtenis vir die mens om sy eie sondigheid te erken. Die natuurlike mense is totaal blind vir sy boosheid, maar die wet wat deur Moses aan ons gegee is maak ons bewus van ons groot behoefte aan die evangelie in Christus. Dit is hierdie geseënde spieël wat ons verlore toestand aan ons bekendmaak. Sonder hierdie spieël kan ons nie gered word nie, want ons is nie bewus van ons gevaarlike toestand nie.

> *God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Johannes 1:17*

Natuurlik was die genade van Jesus beskikbaar vanaf die grondlegging van die wêreld en vandag het ons ook die spieël van die wet nodig om ons bewus te maak van ons verlore toestand.

> *Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie,* ***maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.*** *2 Timoteus 1:9*

Vanaf die sondeval van die mens tot vandag funksioneer die wet en die Evangelie saam. Beide is nodig vir die volkome herstel van die verhouding tussen die mens en God.

Die verhaal van die bronsslang is baie belangrik om baie redes. Dit openbaar aan ons dat Christus verhoog is om te voldoen aan die eise van 'n regstelsel wat deur Satan neergelê is en deur die mens omarm is. Terselfdertyd, wanneer ons die brons ondersoek in die Heiligdom, wat die kern van Israel se aanbiddingstelsel was, ontdek ons verdere bewyse dat ons geliefde Vader nie wou gehad het dat Sy Seun sterf nie, maar dat Hy Hom eerder oorgelewer het sodat ons mag glo in Hom.

> *Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? Romeine 8:32.*


HOOFSTUK 8

# U WEG IS IN DIE HEILIGDOM

Ek onthou hoe ek as kind die taak opgeneem het om deur die Bybel te lees. In Eksodus het ek die leeswerk moeilik gevind. Vir 'n 12 jaarige was dit 'n vervelige taak om te lees oor die oprigting van die heiligdom. Nogtans is daar in die instruksies kosbare waarhede wat die evangelie verduidelik. Ons weet 'n prent vertel 'n duisend woorde en hier is sommige prente om aan ons 'n vinnige oorsig van die heiligdom te gee.

Dit is interessant om te let op die verskillende metale waarvan die meubels in die Heiligdom gemaak is.

| MEUBELS | METALE GEBRUIK | POSISIE |
|---|---|---|
| Brandofferaltaar | Brons | Voorhof |
| Waskom | Brons | Voorhof |
| Kandelaar | Goud | Heilige Plek |
| Tafel vir Toonbrode | Goud | Heilige Plek |
| Reukofferaltaar | Goud | Heilige Plek |
| Verbondsark | Goud | Allerheiligste |


DIE HEILIGDOM
GOUE VOORWERPE
Tafel met Toonbrode
BRONS VOORWERPE
Deur
Brand-
offer-
altaar
Voorhof
Waskom
Heilige
Plek
Toonbrode
Kandelaar
Wierook
Allerheiligste
Brandoffer-
altaar
Waskom
Wierook-
altaar
Kandelaar
Verbondsark

Die Heiligdom se mure is gemaak van goue panele wat met silwervoetstukke aanmekaar geheg is.

> *"Jy moet rame van doringhout maak vir die tabernakel om dit regop te hou. (16) Elke raam moet vyf meter lank en 'n driekwart meter breed wees. (17) Daar moet twee tappe vir elke raam wees om die rame aanmekaar te kan voeg. So moet jy al die rame vir die tabernakel maak. (18) "Maak twintig rame vir die raamwerk aan die suidekant, die regterkant van die tabernakel. (19) Verder moet jy* ***veertig silwervoetstukke maak*** *om onder die twintig rame te sit, twee voetstukke onder elke raam by sy twee tappe…. (29)* ***"Trek die rame met goud oor en maak vir hulle goue ringe om die dwarslatte deur te steek.*** *Die dwarslatte moet ook met goud oorgetrek word. Eksodus 26:15-19,29*

Die gordyne binne die Heiligdom is aanmekaar vasgemaak met goud, terwyl die gordyne aan die buitekant van die Heiligdom met brons aanmekaar vasgemaak is.

> *"Jy moet 'n tabernakel maak. Gebruik daarvoor tien stukke materiaal: goed gew888888pen blou, pers en bloedrooi wolstof. Jy moet gerubs daarop laat uitborduur… (6) Jy moet ook nog* ***vyftig goue hakies*** *maak* ***om die twee stroke materiaal aanmekaar vas te maak*** *sodat die tabernakel een geheel kan wees. Eksodus 26:1,6*

> *"Jy moet 'n tent van bokhaarmateriaal maak om oor die tabernakel te sit. Jy moet elf stukke bokhaarmateriaal gebruik… (11)* ***Jy moet vyftig bronshakies maak en die hakies deur die lissies haak om die stroke aanmekaar vas te maak*** *sodat die tent een stuk is. (12) Die deel van die een strook materiaal wat oorskiet, moet by die agterkant van die tabernakel oorhang. Eksodus 26:7,11-12*

Die wat gereinig is deur die Evangelie het alle brons uit hulle karakters verwyder. Hulle woorde is soos suiwer goud.

> ***Goue appels wat in silwer gemonteer is****, so is die regte woord op die regte tyd. (12) 'n Goue ring, goue juwele, so is die wyse vermaning vir wie wil luister. Spreuke 25:11-12*

Die buitenste gordyne van die Heiligdom, wat nog brons daarin het, versinnebeeld ons vlees. Hierdie bronsdele sal uit ons verwyder word by die Wederkoms wanneer ons sterflike liggame met die onsterflike beklee word.

> *Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. (52) By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. (53)* ***Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike****. 1 Korintiërs 15:51-53*

Die hemelse stad is van suiwer goud gemaak wat die karakters verteenwoordig van die wat daarin woon.

> *Die muur is met opaal gebou en* ***die stad self met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk.*** *Openbaring 21:18*

> *Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word… Openbaring 3:18*

Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, is brons die produk van die mens (Gen 4:22). Dit is 'n poging om die dinge van God volgens menslike denke saam te smelt. Die weg na God is in die heiligdom. Wanneer ons van die buitenste voorhof na die Allerheiligste vorder word die brons uitgeloog en bly daar net goud en silwer oor. In ons Christelike wandel moet ons die binnehof agterlaat omdat dit aan die heidene oorgelaat word.

> *Toe is daar vir my 'n meetstok gegee wat soos 'n septer lyk, en daar is vir my gesê: "Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid. (2)* ***Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is****, en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap. Openbaring 11:1-2*

Die voorhof is daar ter wille van die heidene. Dit is die plek waar die sondaar, met sy bronsdenkpatroon, aanvanklik blootgestel word aan die ewige evangelie. Die offeraltaar, wat van brons gemaak is, stel die Kruis van Christus voor. Dus is dit 'n mensgemaakte item; dit is iets wat die mens nodig het om aan sy regsbeginsels te voldoen. Na ons Kruisbelewenis bring God ons sondes na vore in die spieël van die bronswaskom.

> *Besaleël het 'n bronswaskom met 'n bronsvoetstuk* ***gemaak van bronsspieëls*** *wat gekom het van die vroue wat by die deur van die tent van ontmoeting werk. Eksodus 38:8*

Wanneer mense hulself beskou in die lig van die wet vermeerder hul bewusteheid van oordeel tot op daardie desperate punt wat hulle vrees vir hul lewens. Ons kry 'n diepe sondebesef in die teenwoordigheid van die Gees van Christus.

> *en as Hy kom,* ***sal Hy die wêreld oortuig van sonde*** *en van geregtigheid en van oordeel. Johannes 16:8 (1953 Afrikaanse Vertaling)*

Dié wat waarlik glo dat God hulle vergewe wanneer hulle in desperaatheid na die losprys kyk, terwyl hulle langs die offeraltaar staan, ontvang genade in oorvloed. Hulle kan dan die gesuiwerde goud bekom, goud wat ware geloof van die siel is en wat gekoop word in die oond van verdrukking.

> *Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Romeine 5:20*

Soos wat die goud van ons geloof toeneem, word die brons van ons ou denke gesuiwer totdat ons uiteindelik nie meer bewus is van sonde nie.

> *As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en* ***nie meer van sondes bewus was nie****, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. Hebreërs 10:2*

Dan is daar nie meer 'n begeerte tot offerandes nie; die Rots word nie meer geslaan nie; daar word slegs gepraat met die Rots.

> *Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes; (4)* ***want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.*** *(5) Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom:* ***Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie****, maar U het vir My 'n liggaam berei. (6)* ***Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.*** *(7) Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe — om u wil te doen, o God. (8) Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en* ***het U nie behaag nie — wat volgens die wet geoffer word*** *— (9****) het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.*** *(10) Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal. Hebreërs 10:3-10*

Jesus het eenmaal gesterf soos versinnebeeld deur die bronsslang, op 'n bronsaltaar. Wanneer ons eers gevul word met die Gees neem die Kruis 'n heel ander betekenis aan. Die klem val op die pragtige selfverloëning van Christus en die openbaring van die Vader se karakter in Hom. Die offeraltaar (die slaan van die Rots) word vervang met die wierrookaltaar (spreek met die Rots) – die bloed

gestort op Golgota word in die konteks van die bloed gestort in Getsémané geplaas, toe Jesus die werk wat Sy Vader Hom gegee het, voltooi het.

> *Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4*

Kyk op en leef, liewe sondaar. God het nie Sy Seun in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie (Johannes 3:16-17). Binne die raamwerk van die goue altaar het God Sy Seun gestuur om Sy karakter te openbaar en om ons skuld op Hom te neem, sodat ons kan glo in die vergifnis van God.

Ons dierbare Vader het nie Sy Seun gestuur om vir ons te sê, "Dit is wat Ek aan jou sou doen as gevolg van jou sonde, maar ek het besluit om eerder My Seun te offer in my woede." Watter God sal dit aan Sy kinders doen? Heroorweeg die Kruis vanuit die goue area en kry insig in iets wat so kosbaar is dat jy trane van louter vreugde sal stort.

Wanneer jy uit die Voorhof van brons oorstap na die Heilige Plek van goud en silwer, sal jy vind dat God se geregtigheid baie verskil van dié van mense. Die Bybel sê:

> *Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees;* ***hy moet hom tot ons God bekeer, Hy vergewe altyd weer.*** *(8)* ***My gedagtes is nie julle gedagtes nie****, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; (9)* ***soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.*** *(10) Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. (11) So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit*

> *gestuur het. (12)* ***Julle sal met blydskap uit Babel wegtrek en in vrede gelei word; die berge en die heuwels sal voor julle uit jubel en juig en al die bome in die veld sal hande klap.*** *(13) In die plek van 'n doringbos sal daar 'n sipres opskiet, in die plek van 'n dissel sal daar 'n mirteboom opskiet.* ***Dit sal tot eer van die Here wees, 'n blywende teken wat nooit vernietig sal word nie****. Jesaja 55:7-13*

Dit is my innige gebed dat jy die Kruis van Christus sal sien in 'n breër en mooier lig wat gereinig is van die bronsregstelsel van gevalle mense en engele. Kom in die soete lig van ons Vader se liefde waar Sy agapé die mag het om alle vrees te verwyder.

Genade onbeskryflik groot
het U aan my bewys
verlore seun 'n wegloopkind
weer in die vaderhuis!

Ek is die naam van kind nie werd
wou self my sake reël.
My lewe, kanse, tyd en geld
is nutteloos verspeel.

Maar U sien ver, oneindig ver.
U sien my honger, dors.
Want toe ek kom, my skuld bely,
druk U my aan die bors.

Genade onbeskryflik groot:
daar's fees, ek is weer tuis!
U Seun bring my—verlore mens
weer na die vaderhuis.

En jy, ou maat, daar eenkant weg?
Lyk of jy honger ly.
Kom na die Vader; kom maak reg.
Genade maak weer vry.

Genade onbeskryflik groot
het U aan my bewys
verlore seun ʼn wegloopkind
weer in die vaderhuis!

HOOFSTUK 9

# SELA

My dierbare Verlosser, U het na my gekom in die duister van my sonde. U het my oortuig van die Vader se vergifnis op 'n manier wat ek kon verstaan en aanvaar. Ek stort trane van dankbaarheid oor die angs wat U vir my gely het. Gevul met die medelye van die Vader het U die donker nag van hierdie wêreld aangedurf om U verlore skape te red.

Hoe traag is ons om die werklikheid van wat U gedoen het te begryp. Die ewigheid kan nie die diepte van U liefde openbaar nie. Dit is 'n onuitputlike fontein waaruit ek altyd sal drink met eindelose soeke na meer.

Dit is my begeerte om U altyd te volg, kosbare Lam, waar U ook al mag lei. U het my gekoop teen 'n ontsaglike prys. Al voel ek partymaal onwaardig van U liefde, vertrou ek dat U my nooit sal verlaat nie. Dankie dat U U kosbare Gees na my stuur om my te vertroos en te seën.

Geliefde Verlosser, my diepe begeerte is dat dié wat U aan my gegee het in hierdie boodskap ook met ons sal wees in die Vader se koninkryk. Ek voel U liefde vir hulle in my hart; hulle verlossing is my groot begeerte. Ek dank U dat ek U liefde vir U kinders kan smaak en met U verenig kan word in U begeerte dat die wêreld ons Vader werklik sal ken.

Gee aan my U lieflike Gees sodat ek U mag verheerlik soos wat U die Vader so pragtig verheerlik het. Mag U in die vlees in ons

geopenbaar word, dat die harte van mense die versoening kan ontvang, want U het die versoeningswerk aan ons oorgegee.


Skenk asseblief aan elke leser van hierdie boek oogsalf om die ware prag van die Kruis te sien sodat ons ons vrees om gekruisig te word, verloor, dat elke knie sal buig en elke tong bely dat U Here is, tot verheerliking van ons dierbare Vader.

In U kosbare Naam, Here Jesus.

Amen.

## Ander boeke beskikbaar op

# VadervanLiefde.com





### Agape

Bestudeer die Bybelse bewyse dat die God van die Ou Testament dieselfde is as die God wat Jesus in die Nuwe Testament geopenbaar het. Die boek bevat 'n volledige en stelselmatige ondersoek na die feite. Dit verskaf 'n direkte manier wat nog nie voorheen oorweeg is nie, om die verhale van die Bybel te verklaar. Met meer as 300 bladsye word hierdie boek ernstig aanbeveel vir die leser wat werklik op soek is na antwoorde. 'n Fantastiese vervolg op hierdie boekie wat u in u hande hou.




### Oorspronklike Liefde

Die huwelik is 'n instelling wat onder ernstige bedreiging staan. Hoekom is daar so baie negatiewe ondervindings binne huwelike en verhoudings in die algemeen? *Oorspronklike Liefde* kyk na die oorspronklike verhouding wat in die Bybel beskryf word om te sien wat ons kan leer om ons eie verhoudings te verbeter en te verryk. 42 bladsye propvol belangrike beginsels vir 'n springlewendige huwelik.




### Identiteitsoorlog

*Identiteitsoorlog* is 'n reis na selfontdekking. Dit is 'n uitnodiging om jou waarde binne 'n ware verhoudingskonteks te leer ken. Hierdie boek sit die beginsels uiteen wat u sal help om die prestasiegedrewe ingesteldheid van hierdie wêreld te ontsnap en vryheid te vind in u belangrikste verhoudings.

Waarom die Kruis
en wie benodig dit?

Waarom word die Kruis
benodig
vir ons redding?

Is die toorn van God
deur die dood van Sy Seun
bevredig?

Wat is God se geregtigheid en
verskil dit van
ons geregtigheid?

Waarom het Jesus Homself met
'n bronsslang op 'n paal
vergelyk?

Wat leer ons by Israel se
Heiligdom
omtrent die Kruis?

Adrian Ebens is 'n internasionale spreker en skrywer woonagtig in Brisbane, Australië. Hy is getroud met sy geliefde, Lorelle. Hulle het twee volwasse seuns.

fatheroflove.info